CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

Jaargang XXXVI Nommer 7 13 Maart 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

Bussie 13 Tel 25481 | Inligtingsburo 4267/8 | Studentesentrum 22112 x 570/1

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

## Hoogtepunte

**Maandag 16 Maart**
- Aktueel 3e jaarskamp — Skietlys 13h00 — 14h00 by Inligtingshokkie
- Skaakkompetisie — vanaf 18h30 in Studentesentrum by dammetjie
- Skemervonkel: 18h30 — 19h30 Spraakleer en Drama

**Dinsdag 17 Maart**
- Skaakkompetisie — 18h30 in Studentesentrum
- Skemervonkel: 18h30 — 19h30 Spraakleer en Drama
- Aktueel 3e jaarskamp — Skietlys 13h00 — 14h00

**Woensdag 18 Maart**
- Instituut vir SA Politiek: 19h30
- Skemervonkel: 18h30 — 19h30
- Skaakkompetisie: 18h30 in Studentesentrum by dammetjie

**Donderdag 19 Maart**
- Skaakkompetisie: 18h30 in Studentesentrum by dammetjie
- Interfakultêre lesings — 10h00 — 11h30
- Skemer vonkel — Dept Spraakleer en Drama — 18h30 — 19h30
- Chemie Vereniging besoek NIM — Gooi aansoeke in bussie 27

**Vrydag 20 Maart**
- Aktueel: 2e en 3e jaarskamp
- Skemervonkel: 18h30 — 19h30

**Die WAPAD het met leedwese kennis geneem van die afsterwe van mev Lettie van Rooy, die weduwee van prof Joon van Rooy, voormalige rektor en kanselier van die Puk. Die familie word in hierdie omstandighede die krag van die Here toegebid.**

## Binne

- Nuwe admin in April betrek — p3
- Afslagkaarte kry aftrek — p5
- Telefone gee probleme in koshuise — p5
- ASB en politiek — p6
- Sportpersoonlikheid: Piet Louw — p11

## Nuuswenke

**Algemene Nuus:** Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Koshuis/Sosiaal:** Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Sport:** Griet Gräbe, **Kuns:** Johan Myburg, Tel 6668.

**Saktyd**
**Maandag 13h00**

# Konserwatiewes stig Paksas

**— Izak Minnaar —**

**PAKSAS, die Politieke Aksie vir Konserwatiewe Suid-Afrikaanse Studente, is gestig om al die splintergroepies wat die konserwatiewe gedagte ondersteun in 'n eenheid saam te snoer.**

Volgens die voorsitter, Donnie Reitz, gaan dit in Paksas nie oor partypolitiek nie, maar oor uitbouing van die konserwatiewe gedagte as langtermyndoelwit.

Op die oomblik word die aktiwiteite toegespits op studente, maar die aksie sal volgens Donnie later uitkring na ander dele van die land. Paksas sal op raakvlakke saamwerk met soortgelyke groepe en partye, maar wil hom geensins assosieer met groepe soos Aksie Eie Toekoms of enige politieke party nie.

Volgens Donnie is dit nie die doel van Paksas om 'n reaksie op Polstu te wees nie, maar die verskillende doelstellings maak van die organisasies outomaties teenpole. Paksas ondersteun die ASB volmondig omdat so 'n wye spektrum van politieke denke deur die ASB gehuisves word.

Op 'n vraag oor sy politieke bedrywighede het Donnie geantwoord dat hy sy pa, wat voorsitter van die NP-tak van Olifantshoek en omgewing is, dikwels help met werwing wanneer hy tuis is. Op universiteit het hy nog nie deelgeneem aan politieke aktiwiteite nie.

Volgens Donnie word die beleid van Paksas betreffende politieke partye geïllustreer deur die samestelling van die bestuur waarin daar drie NP-lede (hyself, Bert Sorgdrager en Jaco Venter) en drie NKP-lede (Barend Kirstein, Christo Scholtz en Danie du Plessis) is. Van die gekoöpteerde lede is Mario Smith en Corné Mulder lede van die NKP.

**(Vervolg op p 2)**



*Donnie Reitz, voorsitter van Paksas*

# Paksas beskerm blankes

**'n Oorkoepelende konserwatiewe aksie, Paksas (Politieke Aksie van Konserwatiewe Suid-Afrikaanse Studente), is in 'n vlugskrif wat verlede week deur hulle op die kampus versprei is bekendgestel as 'n organisasie wat al die konserwatiefdenkende studente in 'n eenheid wil saamsnoer.**

**'n Voorlopige bestuur is verkies met Donnie Reitz as voorsitter; adjunkvoorsitter Barend Kirsten; lid vir reklame Danie du Plessis; lid vir interuniversitêre skakeling Bert Sorgdrager; penningmeester Christo Scholtz; sekretaresse Karin van Rensburg; en addisionele lid Jaco Venter. Die volgende SSR-lede is op die bestuur gekoöpteer: Corné Mulder, Mario Smith, Lappies Labuschagne en Fielies Kotze. Laasgenoemde het egter nie die benoeming aanvaar nie.**

**Volgens die konsepgrondwet huldig die Aksie "die Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing en erken in geloof en gehoorsaamheid die woord en die oppergesag van die Drie-enige God, Beskikker oor die lotgevalle van volkere".**

**Paksas wil met die oog op die eiesoortige bevolkingsamestelling van die RSA hom beywer vir die voortbestaan, uitbouing en beveiliging van die blanke volk, met volle erkenning en geleentheidskepping vir die swart- en ander kleurvolke van Suid-Afrika tot volwaardige en soewereine entiteite in hul eie reg.**

**Die Aksie wil hom beywer dat die seggenskap oor die blankes in die RSA in die hande van blanke gesagsliggame sal bly en verwerp alle vorms van magsdeling.**

**Hulle wil alle regsdenkende en behoudende blanke politieke partye en groepe in een verenigde Volksfront bymekaarbring; wil behoudende studente organiseer en aktiveer om polities betrokke te raak ter ondersteuning en uitbouing van bogenoemde beginsels; en wil politieke partye en groepe wat bogenoemde doelstellings bevorder, aktief ondersteun.**

**Dié doelstelling wil hulle bereik deur takke op verskillende kampusse te stig, 'n landswye bestuur daar te stel, politieke gesprek tussen studente en verskillende universiteite te bevorder, verskillende publikasies op te stel en te versprei en sprekers van verskillende partye en groepe uit te nooi.**

# Geweld: alternatief nodig

**GEWELD en revolusie teen bestaande regerings het in die tweede helfte van die twintigste eeu sulke epidemiese afmetings aangeneem dat dié tyd as 'n "stabiele krisis" beskryf kan word.**

Dit is die mening van dr P J J S Potgieter, wat as referent in die een-en-sestigste seminaarbyeenkoms van die Sentrum vir Internasionale Politiek op Potchefstroom opgetree het.

Volgens dr Potgieter wissel hierdie revolusionêre groepe van ver links na ver regs, maar hulle streef almal na bevryding van een of ander aard.

Die gees en denke wat onderliggend is aan die optrede van hierdie groepe is op verskillende lewens- en wêreldbeskoulike sienings gegrond. Daarom is daar nie 'n enkelvoudige verklaring vir die verskynsels van geweld en revolusie nie.

Dr Potgieter het onderskei tussen vier denkrigtings wat aan die wortel van geweld en revolusie lê, naamlik: Marxisme, anargisme, radikale ideologieë en swartmagfilosofie. Hierdie denkrigtings kan onderskei word, maar nie geskei word nie, omdat dit mekaar oor-en-weer beïnvloed.

Alle revolusionêre groepe, ongeag die filosofie wat onderliggend aan sy optrede is, is daarop uit om konflik te skep of bestaande konflik weer aan te blaas. Hulle beskou revolusie as die enigste manier waarop bevryding bewerkstellig kan word.

Dit gaan dus vir revolusionêre groepe in wese daarom om skade aan die bestaande orde aan te rig. Die ou vryheidsideaal van die humanisme kom hierin in sy mees ekstreme vorm na vore.

Die metode van geweld wat aangewend word ter bereiking van hierdie ideaal, is volgens dr Potgieter tipies van die twintigste-eeu se irrasionalisme. Sartre byvoorbeeld, beskou geweld as 'n reinigende, suiwerende mag waarin daar iets verlossends is.

Dr Potgieter het daarop gewys dat ons in Suid-Afrika deeglik sal moet besin oor ons houding teenoor die regmatigheid en verantwoordelikheid van geweld en revolusie.

Die vraag is watter alternatiewe behalwe geweld en revolusie daar in blankes of swartmense binne 'n swart- of blankgedomineerde samelewing bestaan. Die gedagte — dit sal nie meer lank wees voor ons dalk met dié tipe situasie in sy volle sterkte gekonfronteer sal word nie.

## Suid-Afrikaners onproduktief

**DIE gemiddelde Suid-Afrikaner is in wêreldterme baie onproduktief, het prof P C Schutte van die departement Ekonomie gesê.**

Prof Schutte was die spreker tydens die middagetensuur voor Brandpunt, 'n onderliggaam van die Politiese Raad. Hy het gepraat oor die vernouing in die loongaping tussen blank en swart wat onlangs deur die regering aangekondig is.

Dr Schutte het gesê teenoor 'n syfer van 70 persent in verskeie Westerse lande is die Wittes in Suid-Afrika slegs 36 persent produktief. Die syfer vir swartes en (sogenaamde) gekleurdes is selfs laer, alhoewel presiese syfers nie bekend is nie. Vir die Asiër is syfers ook nie bekend nie, maar dit is bekend dat hulle ekonomies nie sleg presteer nie.

Inflasie, wat sedert 1971 die hoogte ingeskiet het, word primêr veroorsaak deurdat die vraag na middele groter is as die aanbod. Wanneer meer geld in omloop kom, word die vraag verder gestimuleer. Vanuit die ekonoom se oogpunt gesien, kan die onlangse loonverhoging dus inflasie in die hand werk indien daar nie verhoogde produktiwiteit van die werker kom nie.

Die groeikoers van 8 persent van verlede jaar beteken nie sonder meer welvaart nie, sê dr Schutte. Die bevolking van die land groei vinniger as die ekonomiese groeikoers, wat steeds die vraag na lewensmiddele verhoog. Daar kan slegs ewewig in die ekonomie kom as die vraag gelyk is aan die aanbod.

**Die besembos van 1980 sal vanaf 15 Maart by die Inligtingshokkie beskikbaar wees.**

# Paksas

(Vervolg van p 1)

### Polstu

Pieter Fourie, landswye voorsitter van Polstu, sê dat hy bly is dat studente begin wegdoen met hul apatiese houding jeens politiek en belangstelling begin toon.

Oor hul doelstellings, sê hy dat daar in die politiek verder gedink moet word as die afsienbare toekoms — 'n politieke model moet nagestreef word wat ook vir die nageslag oorleefbaar moet wees. Daar kan nie 'n bedeling geskep word sonder die ander bevolkingsgroepe nie.

Hy sien Paksas se ontstaan eerder as 'n reaksie op die beleid van PW Botha as op Polstu. Hy hoop dat die vorming daarvan sal lei tot groter interaksie tussen die groepe, dat standpunte (en nie persone nie) aangeval sal word en dat daar 'n "oopheid" ten opsigte van verandering sal bestaan wanneer dit duidelik is dat die huidige model nie inpas in die veranderende werklikheid nie. Hy sal graag in 'n ordelike vergadering debat wou voer oor die uitgangspunte van Paksas en Polstu.

### Politiese Raad

Die voorsitter van Politiese Raad, Werner Eksteen, sien Paksas as 'n rassistiese beweging. Hy het ook probleme met die term "blanke volk". Hy kan nie sien hoe hulle goeie rasseverhoudinge kan bevorder nie. Hy het 'n suspisie dat dit deel is van 'n groter strategie wat konserwatiewe groepe op verskillende vlakke saamsnoer.

Hy sien dit ook as 'n tendens dat mense wat heel onaktief in die politiek is skielik ontpop as bestuurslede van opposisiepartye en -groepe. Behalwe Corné Mulder, Danie du Plessis en Jaco Venter was nie een van die ander sewe op die bestuur betrokke by die aktiwiteite van Politiese Raad nie.

### Partye

As NP-takvoorsitter sal hy objektief staan teenoor hulle en net optree as hy sien hoe hulle gaan optree. Hy neem die mense op die bestuur wat met hom wou gesels het oor politieke probleme en toe nie voor die stigting opgedaag het nie kwalik vir hulle optrede.

Die voorsitter van die NKP-tak op die kampus, Pieter Brits, wat ook by Paksas gaan aansluit, sien dit ook as deel van 'n groter aksie om konserwatiewes saam te snoer. Die verskillende partye word so verteenwoordig dat hy nie glo dat een party voordeel sal trek nie.

### SSR

Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, is bly oor die politiese bewustheid onder die studente en hoop dat Paksas nie bloot negatief sal reageer nie, maar die inisiatief sal neem om hul standpunte te stel. Hy dink Paksas het ontstaan omdat die konserwatiewe studente daadwerklike leiding op die vooraand van die verkiesing wil hê.

Vir Frikkie van Niekerk, adjunk-voorsitter van die SSR, is Paksas eienaardig — hulle wil politiek gesels, maar stem saam oor alles. Volgens hom kan studentepolitiek net bedryf word wanneer verskillende menings gelug word. Die jeugtakke van die verskillende partye bied geleenthede vir enersdenkendes om te gesels.

Berig deur I. Minnaar van Die Wapad, PU vir CHO, Potchefstroom.

# Studente-agterlosigheid rede vir diefstal

**STUDENTE is agterlosig, en traak-my-nieagtig ten opsigte van hulle besittings. Die meeste diefstalle van en klagtes oor verlore goedere op die kampus is daaraan te wyte, het mnr C Schutte, Sekuriteitsbeampte ges.**

Daar vind hierdie jaar besonder baie fietsdiefstalle, soos berig in DIE WAPAD, plaas. Studente help fietsdiewe deur hulle fietste ongesluit te laat. Sekuriteit word oorval deur klagtes van verlore fietse. Veral fietse wat op ooglopende plekke soos voor Oosterhof se fietsloods snags gelaat word, is gerieflike teikens.

Mnr Schutte sê ook dat studente te veel kontant in hulle besit hou. Daar is byvoorbeeld R600 binne 'n week in Caput gesteel. Heelwat klere word veral in die dameskoshuise gesteel. Dit is feitlik onmoontlik om sulke artikels op te spoor, aangesien dit nie gemerk word nie. Baie boeke en pennesakkies word in eksamenlokale vergeet en raak so weg.

### Parkeerplek

Die Sekuriteitsafdeling besef dat daar 'n groot tekort aan parkeerplek is. 'n Nuwe parkeerterrein word egter beoog waar Taba Jäh geleë was. Al manier waarop die parkering van motors op ongeoorloofde plekke beheer kan word, is deur boetes. Wanneer so 'n parkeerboete na die derde aanmaning nog nie betaal is nie, word die motor vasgesluit. Die eienaar kan sy motor eers kry wanneer die boete betaal of 'n parkeerskyfie gekoop is.

Mnr Schutte doen die volgende wenke aan die hand: Gebruik fietsslotte, maar nie kodeslotte nie, want dit is geen probleem vir diewe nie. Moenie te veel kontant in jou kamer laat los lê nie, sluit dit toe. Merk alle waardevolle klere, boeke, pennesakkies en ander artikels sodat jy dit kan identifiseer. Kom soek jou verlore goedere by die sekuriteitsafdeling se stoor, agter die duikweg. Hy maan studente om veral oplettend en verantwoordelik op te tree.

# Boendoe was geslaagd

**DIE Departement Spraakleer en Drama van die PU het in die week van 2 tot 6 Maart "DIE BOBAAS VAN DIE BOENDOE", 'n verwerking van Synge se "Playboy of the Western World", aangebied. Dr Elize Scheepers het die regie van die stuk waargeneem.**

Die gees van die stuk is goed uitgebeeld en die nuanseverskille in die verskillende tonele was ook duidelik. Die gebruik van skare-tonele was doeltreffend en veral die donker, dreigende groepies in die slottoneel was baie effektief. Die herhaaldelike sinspeling op die kruisiging van Christus in die tonele waar die dorpsbewoners die bobaas wil ophang, was myns insiens 'n oorbeklemtoning van 'n irrelevante tema.

Baie goeie spel is gelewer deur Gerrit Schoonhoven as Kris Kaiing, die bobaas. Hy het die groei in die karakter natuurlik en eg uitgebeeld. Ook Bernice Duvenhage as Waailit, die troulustige weduwee, was goed. Haar spel was komies, maar met genoeg deernis om nie 'n karikatuur van die karakter te maak nie. Karen Meiring se standvastige Magriet Vlooi was 'n goeie meetsnoer vir die veranderinge in Kris Kaiing. Haar slottoneel was ook geslaagd.

Die ruwe, onafgewerkte dekor het die gees van die stuk beklemtoon, hoewel daar meer aandag gegee kon word aan kleiner detail soos die opsigtelik- nagemaakte visse. Die gebruik van vlakke om verskillende speeltuimtes aan te dui was baie geslaagd.

Dit was myns insiens 'n geslaagde aanbieding van 'n goeie stuk.

# Nuwe Verpleegdiploma

**DIE Puk bied van aanstaande jaar af 'n tweejarige diplomakursus in Bedryfsverpleegkunde aan. Die kursus sal by die Vaalrivierse Tak van die Universiteit op Vanderbijlpark aangebied word.**

Prof E Coertse, hoof van die Departement Verpleegkunde aan die Puk sê daar bestaan lank reeds 'n sterk behoefte aan gespesialiseerde opleiding vir verpleegsters in die nywerheid. Die kursus, die eerste van sy soort in Suid-Afrika, behoort in die behoefte te voorsien.

### Toelatingsvereistes

'n Student wat die Diploma in Bedryfsverpleegkunde wil volg, moet in besit wees van 'n matrikulasie- of matrikulasievrystellingsertifikaat sowel as 'n graad of diploma in verpleegkunde. Die student moet by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging geregistreer wees as algemene en verloskundige verpleegkundige, of algemene en psigiatriese verpleegkundige of algemene verpleegkundige en enige diploma wat by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging geregistreer is, bv. diploma in verpleegonderwys, of algemene verpleegkunde.

Voorkeur sal gegee word aan studente met 'n dubbele kwalifikasie.

### Duur

Die duur van die kursus sal twee jaar wees. Dit word oor agt voltydse weke, ongeveer elke derde maand, aangebied. Die eerste siklus van agt weke, begin in Februarie met eksamens aan die begin van November van elke jaar.

Die kursus word by die Vaalrivierse Tak van die Puk aangebied, behalwe die tweede en derde siklusse in die eerste jaar wat in Mei in Augustus op die Hoofkampus op Potchefstroom aangebied word.

### Praktiese onderrig en besoeke

Vir praktiese onderrig is die nywerheidshospitaal van Yskor op Vanderbijlpark beskikbaar gestel. Besoeke sal ook gebring word aan dermatologiese en oogheelkundige klinieke, rehabilitasiesentrums, ongevalle-afdelings, bedryfshospitale, myne en ander bedryfsorganisasies.

In die tweede studiejaar van die kursus moet 'n skripsie oor 'n goedgekeurde onderwerp ingehandig word.

Die Diploma in Bedryfsverpleegkunde word deur die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging as 'n bykomende kwalifikasie erken. Die Raad het die Puk ook amptelik aangewys om die kursus aan te bied.

Die kursus word van 1982 af aangebied, mits daar genoeg aansoeke is. 'n Maksimum van 25 studente kan aanvaar word.

Aansoeke moet gerig word aan: Die Registrateur, PU vir CHO, Potchefstroom 2520.

# Rowwe sport

**MANSSTUDENTE beoefen rowwer sport as dames. Dis seker die rede waarom hul kasgeld nie net aangewend word vir versiering nie, maar ook vir instandhouding.**

Volgens mnr Coetzee van Koshuisadministrasie voorsien die Puk nie net in ons noodsaaklike behoeftes nie, maar dra ook pro rata by tot luukshede. Die besluit is deur die Sentrale Beheerkomitee geneem.

Koshuisgeld maak nie voorsiening vir vermaak en luukshede nie. Die geld is net genoeg om in ons daaglikse behoeftes te voorsien.

Kasgeld word oor die algemeen betaal voordat beddegoed gekry kan word.

Bibbel Babbel

# Carney-Versameling

**EEN van die interessantste afdelings van die Ferdinand Postma-Biblioteek, al is dit nie een van die bekendstes nie, is die Carney-Africana-versameling wat op die tweede verdieping gehuisves word. Die versameling ontleen sy naam aan die skenking van 'n groot getal werke wat na die Biblioteekbrand van 1949 van mnr E Carney, en later uit sy nalatenskap ontvang is wat die basis van die versameling vorm.**

### Onvervangbaar

Talle kostelike en haas onvervangbare items word in die versameling bewaar, waaronder eerste uitgawes van 'n hele aantal Afrikaanse letterkundige werke en ander werke van belang. Interessant is 'n eksemplaar van die eerste Afrikaanse Bybel met 'n inskripsie en handtekening van prof J D du Toit (Totius), een van die vertalers, voorin. 'n Ander item om op trots te wees, is die goed-bewaarde twee bande van 1822-uitgawe van Willaim Burchell se "Travels in the Interior of South Africa", 'n gesogte item in Africana-geledere.

Van groot letterkundige waarde is die verskillende manuskripte van die skrywer Jochem van Bruggen (onder andere van dele van sy "Ampie") wat hier bewaar word. Dit is intussen ingebind, maar dit bly steeds insiggewend om in die skrywer se eie handskrif die skeppings- en hersieningsproses op die bladsye van oefeningboeke te sien.

### Gutenberg-Bybel

'n Aantal historiese foto's en dokumenteversamelings bevind hulle ook in die afdeling. Alhoewel nie juis Africana nie, is die pragtig-ingebinde faksimileekopieë van die Gutenberg-Bybel en van Leonardo da Vinci se wye verskeidenheid sketse en aantekeninge, 'n historiese kosbaarheid.

Daar word steeds gepoog om die versameling verder uit te brei deur nuwe items van waarde daarby te voeg. Die historiese en opvoedkundige waarde wat so 'n versameling het, kan egter by verre nie en geldterme gemeet word nie.




Die Student se Bank.

As student is jy voor in ons boek.

Kyk net na ons dienste vir studente: Spaarrekeninge, Laekoste-tjekrekeninge, Versekering, 'n Studentesakebestuurder wat jou taal praat. Kom gesels gerus met ons.

Daar steek meer in bankwese by die Professionele Mense.

BARCLAYS

Barclays-Nasionale Bank Beperk • Geregistreerde Handelsbank

JWT J. WALTER THOMPSON 7324/A

# AET ontstaan uit NP

**'n NUWE politieke beweging, Aksie Eie Toekoms, is in die lewe geroep. Volgens mnr F J Dippenaar van Baillie Park, Potchefstroom, word daar deur middel van dié beweging gepoog om alle "konserwatiewe, denkende Afrikaners" bymekaar te bring.**

Mnr Dippenaar sê dat daar op die stigting van Aksie Eie Toekoms besluit is omdat hulle nie meer met die huidige "liberale gedagtes" kan saamgaan nie. Hy sê verder dat dié beweging nie 'n "baba" van die HNP Of van die NKP is nie, maar wel uit die Nasionale Party ontstaan het.

Mnr Dippenaar was glo jare lank onder andere Nasionalis en hoofbestuurslid vir die kiesafdeling Stilfontein.

Die doelwitte van Aksie Eie Toekoms behels die aanvaarding van groepsidentiteit van elke volksgroep, dat elke volksgroep homself op eie bodem regeer en dat elke volksgroep sy eie toekoms moet uitwerk.

Berig deur T. Scholtz van Die Wapad, PU vir CHO, Potchefstroom.

# Sentrale aanleg

**DIE doel van die nuwe groenteverwerkingsaanleg in die Lettie du Plessis-kompleks, is om die styging van kostes in bedwang te hou. Dit is tot voordeel van die studente, het mnr Drik Coetzee, hoof van die koshuisadministrasie gesê.**

Groente word in grootmaat aangekoop en alles word by die Lettie Dupkompleks afgelewer. Dit is meer ekonomies. In die verlede is groente individueel bestel en afgelewer by die ses verskillende kombuise. Sekere groente soos aartappels word elke dag by die aanleg geskil en verwerk tot skyfies. Dan word dit vir voorbereiding na die kombuise gestuur.

Sentralisasie bring beter gehalte-kontrole mee skakel en die duplisering van arbeid, verwerking en hantering uit. Meganisering verseker dat die verwerking meer higiënies is. Omdat soveel tyd bespaar word, kan daar meer aandag aan die voorbereiding self gegee word.

In die kompleks is daar ook groot koelkamers geïnstalleer. Vrugte en groente kan dan baie langer vars gehou word as in die verlede.

Die koswaremagasyn wat eers in die tegniese afdeling gehuisves was, verskuif ook na die Lettie Dup-kompleks. Daar kan 'n baie groter hoeveelheid nie-bederfbare produkte aangekoop word, met die versekering dat daar genoeg bergingsplek is. Hoe groter die aankope, hoe kleiner word die eenheidsprys en hoe meer ekonomies word dit.

Die aanleg is reeds gedeeltelik in gebruik, veral wat sekere aankope betref. Volgens mnr Coetzee sal dit na die April-vakansie ten volle gebruik word.

## Regstelling

UIT 'n berig in "Die Wapad" van 20 Februarie 1981 blyk dit dat studente wel van ander vertrekke in die Studentesentrum tydens etenstye gebruik mag maak. Dit mag egter nie gebeur nie. Etes mag slegs genuttig word in die kafeteria se eetplek. Die kafeteria doen 'n beroep op studente om die eetgerei van die kafeteria uit te los — dit bring net meer gedwonge prysverhogings mee as dit wegraak.

# Ongelukkigheid oor fietse

**GEDURENDE die afgelope week, het Sekuriteit trapfietse uit die fietsloodse van die koshuise verwyder.**

Van die studente wie se fietse verwyder is, voel baie ongelukkig oor die situasie. Hulle meen daar is nie voldoende kennisgewing gegee oor die verwydering van die fietse nie. By Oosterhof, waar die fietsloods agter die koshuis is en van die dames dan ook by die agterdeur ingaan, het baie van hulle nie geweet dat die fietse Maandagoggend voor agtuur uit die fietsloods moes wees nie.

Sommige van die dames wie se fietse verwyder is en wat dit weer gaan haal het, sê die fietse se wiele is deur Sekuriteit afgeblaas en die slotte is blykbaar oopgeknip.

Volgens maj du Toit, hoof van die departement Sekuriteitsdienste, is klagtes van die matrones van die koshuise ontvang dat daar fietse is wat al jare daar staan en stof opgaar en veroorsaak dat daar nie genoeg parkeerplek vir die huidige inwoners se fietse is nie. Van die studente het ook gekla.

Maj du Toit sê hulle het besluit om die fietse op 'n sekere dag te verwyder en het kennisgewings aan die koshuise gegee.

Indien 'n fiets deur sekuriteit verwyder is, en die student nie die fiets kom opeis nie, sal die fiets vir ses maande by Sekuriteit staan, daarna vir drie maande by die Suid-Afrikaanse Polisie en moet dan weer volgens wet terugkom na Sekuriteit waar dit weer 'n verdere twee maande sal staan om die student geleentheid te bied om die fiets te kom opeis. As die fiets dan nog nie opgeëis word nie, word dit op 'n openbare veiling op die kampus verkoop, waar dosente en studente voorkeur kry.

Maj du Toit sê die stap is nie gedoen om enige ongerief te veroorsaak nie of die studente te na te kom nie. Hy wil graag 'n beroep doen op die studente om hulle fietse te alle tye en ter enige plek te sluit. Daar word daagliks ses tot tien gesteelde fietse by Sekuriteit aangemeld en as die studente hulle fietse sluit, kan sulke onnodige diefstalle uitgeskakel word.

# *Meervoudige keusevrae onttrek uit Bib*

**MEERVOUDIGE keusevrae in eksamenvraestelboeke is volgens prof Rassie Smit uit die biblioteek onttrek.**

Volgens prof L Gouws is die Psigologiedepartement sterk ten gunste van die verwydering van die vraestelle. Die hoofrede vir die verwydering, is om geen student tydens eksamens te bevoordeel nie.

Die dosent se speelruimte met vrae is beperk omrede 'n meervoudige keusevraag gebaseer is op net een feit en dus slegs een regte antwoord het. Die moontlikheid dat 'n presiese vraag herhaal kan word, is baie groot, anders as met langvrae. Die varieerbaarheid van langvrae bied baie meer moontlikhede.

Selfs die kort vraag kan gevarieer word. 'n Punt vir 'n kortvraag is makliker verkrygbaar: 'n paragraaf van gorrel kan jou 'n punt besorg, terwyl meervoudige keusevrae net een regte antwoord het.

Wat ander tipies vrae betref, bou dosente 'n vraebank op oor 'n afdeling van die werk, terwyl meervoudige keusevrae die geleenthede verskraal om 'n wye spektrum van vrae oor dieselfde afdeling op te stel.

Volgens 'n amptenaar van die biblioteek is die eksamenvraestelboeke reeds uit die biblioteek verwyder. Hy het bevestig dat die meervoudige keusevrae nie in vraestelboeke gevoeg word nie. 'n Ander rede vir die uithaal van die vraestelboeke is dat vele bladsye uit die boeke geskeur is en herstelwerk nodig is.

Studente se menings is verdeeld. Een groep meen dat die meervoudige keusevrae wel uit die biblioteek gehaal moet word, omrede dit studente bevoordeel wat bv. slegs ou vraestelle uitwerk. Die ander groep meen dat ou vraestelle insiggewend is en beklemtoning van feite verskerp. Die gevolg van hierdie stap sal wees dat meer studente hul sal beywer vir die verkryging van ou vraestelle.



*Prof Hennie Bingle het onlangs die erelidmaatskap van die Sentrum vir Internasionale Politiek ontvang. Prof Tjaart het die ererol aan hom oorhandig.*

# Prof. Bingle vereer

**— Carina de Klerk —**

**PROF H J J Bingle, oud-rektor van die Potchefstroomse Universiteit, het op 4 Maart 1981 erelidmaatskap van die Sentrum van Internasionale Politiek ontvang.**

Prof Tjaart van der Walt, huidige rektor aan die universiteit, het die ererol aan prof Bingle oorhandig. In sy bedankingsboodskap daarna het prof Bingle gesê dat ons nou verdeeldheid op politieke vlak beleef soos nog nooit tevore nie — iets wat ons as volk lankal moes ontgroei het.

Hy het gesê dat dit prioriteit in ons politiek is om variasie op die demokrasie te ontwikkel, iets wat nie bestaan nie. Hy dink dit is moontlik om 'n demokratiese stelsel daar te stel waarin alle bevolkingsgroepe tevrede sal wees, mits die demokrasie ook die onderbou van Christelike liefde bevat. Geloofsrus kan uit dinge verkry word wat oënskynlik teenstrydig gelyk het.

Prof Bingle het gesê dat dit die kultuurroeping van die Christen is om deur die politiek die stryd aan te knoop om hierdeur die finale stryd te voer.

.Die oorhandiging van die erelidmaatskap aan prof Bingle, het saam met die vyftiende verjaarsdag van die Sentrum geval. 'n Voordrag deur dr P J J S Potgieter oor terrorisme as twintigste eeuse gees van geweld en rewolusie, is voor die oorhandiging gelewer. Hierna het die Rektor, prof Tjaart van der Walt, 'n heildronk ingestel op prof Bingle.

# Terrorisme: voordragreeks

**DIE Sentrum vir Internasionale Politiek bied jaarliks 'n reeks lesings oor 'n aktuele tema op die gebied van die internasionale politiek aan.**

Die afgelope aantal jare is die volgende streke in die wêreldpolitiek deur middel van voordragreekse verken: *Die Indiese Oseaan in 1974, die Midde-Ooste in 1975, Asië in 1976, Latyns-Amerika in 1977, Die VSA in 1978, Die Sowjetunie in 1979 en Afrika in 1980.*

Die meeste referate is of sal nog in boekvorm gepubliseer word.

Vanjaar word van die streekstudie na 'n nuwe terrein, strategiese studie, beweeg. Die tema is: **Terrorisme, die strydmetode van ons tyd.**

By die eerste byeenkoms op 4 Maart is daar 'n voordrag gelewer oor die eeu van terreur (Die twintigste-eeuse gees van geweld en rewolusie)

Terrorisme as internasionale (wêreldwye) verskynsel, terrorisme binne die breër verband van rewolusionêre oorlogvoering en terrorisme en die volkereg sal tydens byeenkomste deur die jaar behandel word.

Die program van die jaarlikse simposium op Vrydag 21 Augustus sal bestaan uit 'n herhaling van die voordrag oor terrorisme binne die breër verband van rewolusionêre oorlogvoering, en ook voordragte oorsedelike terrorisme, terrorisme in Suider-Afrika en ons antwoord daarop.

Die Sentrum vir Internasionale Politiek se blad oor aktuele internasionale aangeleenthede, Die Wêreld in Oënskou, verskyn maandeliks. Die intekengeld bedra R5 per jaar en belangstellendes kan skryf aan: Sentrum vir Internasionale Politiek, PU vir CHO.

# Nuwe administrasie April in gebruik

**STUDENTE kan solank begin tot siens sê aan die ou Administrasiegebou, want volgens berekening sal die nuwe Administrasiegebou teen die einde van April gereed wees.**

Alle afdelings sal daar in een gebou bymekaar wees, waar verskeie afdelings, bv. die interne ouditeur, wat tans in verskillende geboue aangetref word, wat die taak van studente dus ook aansienlik moeilik gemaak het.

'n Groot saal word in die nuwe gebou aangetref waar alle studente-inskrywings gedoen sal word. Ook 'n kelderverdieping is gebou wat parkering vir sowat 30 motors sal verskaf.

Die gebou het 'n hoekige vorm. Die binneste gedeelte bestaan uit 'n binnetuin met 'n dak oor. Hier sal funksies soos onthale ens. gehou word. 'n Raadsaal met 26 sitplekke asook 'n Senaatsaal met 152 sitplekke sal in die nuwe gebou wees.

Alle taaldepartemente, behalwe een, sal indie nuwe gebou gehuisves word.

'n Sentrale inligtingspunt sal in die voorportaal wees, waar daar rigtingwysers sal wees wat die verskeie departemente sal aandui.

Daar is sowat 130 nuwe kantore wat bietjie groter is as die oues.

Die koste van die nuwe gebou beloop sowat 3,21 miljoen.


**Sanet's Health Shop**

- Gesondheidsvoedsels
- Verslankingsmasjiene
- Natuurlike skoonheidsmiddels
- Dieetmiddels
- Homeopatiese middels

Malherbestraat 42
Telefoon 5444

**Bult Droogskoonmakers**
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

## ● Skrywers uit Potchefstroom

# Jan Swanepoel

— Rudolph Willemse —

**IN 'n vorige aflewering is gesels met Dr Elsabé Steenberg.**

Jan Swanepoel is op 6 Mei 1951 gebore in Waverley, Pretoria. Hy ondergaan sy skoolopleiding aan die Laerskool Totiusdal en matrikuleer by C.R. Swart. Gedurende sy skoolloopbaan verteenwoordig hy Noord-Transvaal as gimnas. Na 'n jaar in die lugmag kom hy na die Puk waar hy aanvanklik in die regte studeer. Gou verander hy egter van studierigting en behaal hy sy B.A.-graad met onderskeidings in sy hoofvakke Latyn en Afrikaans-Nederlands. Hierna doseer hy vir 'n jaar aan die Universiteit van Zoeloeland waarna hy as dosent aan die PU vir CHO aangestel is. (Beide sy Honneurs- en Magistergrade word met onderskeiding verwerf.) In sy M.A.-verhandeling handel hy met die roepingsmotief in die Aeneïs van Vergilius. Tans is Jan Swanepoel lektor in Latyn en is hy besig met studie in die graad B.Phil.

In 1975 debuteer Jan Swanepoel met die digbundel "My Rome brand so mooi", 'n bundel wat prof T T Cloete beskryf het as "'n uitsonderlike debuut vir die sewentigerjare".

Ook is T T Cloete van mening dat die meriete van die werk geleë is in 'n besondere suiwerheid. In 1980 verskyn sy tweede bundel met die titel "Wat ver is en naby".

"Die estetiese aspek van ondergang, die mistieke interesseer my. Ek werk met mites in my werk, maar dit is eerder werklikheidsgerig as werklikheidsvreemd. Die digter is maker van die poësie. Kreatiwiteit is dit wat van belang is. Literêre kritiek is sekondêr. Verder moet daarteen gewaak word om die kunstenaar te sien bloot as kind van sy tyd. Binne 'n bepaalde stroming is daar veel variasie. Kennis is basies 'n raaisel. Hoe kom mens tot kennis? Kennis is basies 'n raaisel. Ek probeer 'n koue oog daarstel: 'n oog wat kyk van binne en van buite. . ."

Tydens sy dosentskap aan die Universiteit van Zoeloeland het hy veral bewus geword van die verwydering en gebrek aan kontak en begrip tussen rasse weens beleidsrigtings waarbinne mense opgegroei het. Deur klem op identitiet op ons self swart nasionalisme help skep".

"Die mens se plek in die heelal kan nie los gesien word van religie nie. Dit gaan om die totale betrokkenheid van geloof — dit wat mens nie sien nie — en daarom kan geloof nie onproblematies wees nie."

As skrywer voel Jan Swanepoel hom baie gebonde aan sy taal. "Ek sal my in geen ander taal kan uitdruk nie. Ek glo nie Afrikaans as taal sal noodwendig ondergaan, maar dit kan."

Oor die verwydering tussen volk en skrywer merk hy op dat hy dit nie vreemd vind nie. "Met die opkoms van Afrikaans was volk en skrywer baie na aan mekaar, dog in breë historiese perspektief was skrywer en volk nog maar altyd in 'n mindere of meerdere mate vervreemd. Dis jammer dat almal jou nie lees nie; solank daar maar net mense is wat jou wel lees!"

"Binne 'n kort tydjie is baie, goeie poësie in Afrikaans geskryf, die beste — wat sy samehang betref — deur N P van Wyk Louw. Marsman in besonder: wat intensiteit en beeldende vermoë betref. En dan is daar Vergilius . . . "Die liefde vir poësie hang saam met 'n belangstelling in die breë kuns. Hy voel aangetrokke tot Goya — daar is 'n bepaalde ooreenkoms met sy eie werk, ook dan Van Goch. Hy is verder lief vir musiek, dog hy matig homself nie aan as 'n kenner nie. Van Tjaikovski tot Janis Joplin. "Weer eens gaan dit om intensiteit", merk hy op.

Jan Swanepoel was in 1972 voorsitter van Puk se Skrywerskring. "In 'n studentegemeenskap is daar baie wat goed skryf. Meer mense skryf as wat ons sou dink . . . en baie daarvan is goed."

Só gesels Jan Swanepoel, die Puk se stil maker van die poësie.



● *Jan Swanepoel.*

## Gedigte

### Ou myndorp

die erwe van die vadere is deur sierbome afgebaken:  
murasies rooi stoeptrappies: gerugte van lipstick  
oorvol kroeë en ondergrondse gevloek  
rotsstortings insinkings in huwelike:  
die onverklaarbare ontstaan van "toe-nog-ongeborenes"

geen gedenkplaat geen sinkplaat  
grafwit mynhoop sonder hoop

onder jou haal gebreekte skedels asem

**Rudolph Willemse**

### vegetasie

wie glo daar's humus in my gees  
wie glo daar's chlorofil in my vingertril  
om nie eens te praat  
van 'n woord wat lewe nie

nie die man op straat glo my nie  
nie die plantkundige nie  
soms nie die woord se oksels nie  
en soms wragtig nie eens my gesit tussen  
die blare nie.

**Christo Rabie**

● Resensie

# Angelliera

— Jan Swanepoel —

**DIE eerste deel van die resensie van Jan Swanepoel oor T T Cloete se bundel Angelliera, word hierdie week in Die Wapad geplaas. Die tweede deel sal aanstaande week geplaas word.**

"Die ding is sonder verband/ hoegenaamd." So lui die misleidende versreëls in die gedig 'Na willekeur' (p 45) in T T Cloete se debuutbundel 'Angelliera'. Die leser sal hom deeglik misgis as hy hierdie versreëls op sigwaarde aanvaar, want in hierdie bundel het ons juis te doen met die verkenning van die plek van die enkele ding in kosmiese verband; met 'n visie op die verskeidenheid van die skepping in sy samehang

In die gedig "Stukwerk" (p 46) staan die volgende aforistiese versreëls: "Ek kan my//stuk stuk verbeel/aan die geheel". Die eerste vyf strofes van hierdie gedig bestaan uit afgeslote rymende koeplette wat telkens deur 'n punt aan die einde van die koeplet afgesluit word. In die sesde strofe verander hierdie afgerondheid. Alhoewel die einx-rym behoue bly, vorm die koeplette nie meer afgeslote sintaktiese eenhede nie. Die strofes begin 'n sintaktiese eenhede nie. Die strofes begin 'n sintaktiese verband met mekaar aangaan. Die versreëls gryp oor strofegrense heen na die dinamiese geheel.

Met die woord "dinamiese" het ons 'n belangrike sleutel tot die verstaan van Cloete se poësie aangestip: die samehang tussen groei er verval. In hierdie samehang lê die klem veral op groei, op dinamiese wording. Groei word in die bundel voorgehou as 'n positiewe wordingskrag en dit gaan gepaard met vreugde. In een van die 'kwatryne' (p 65) lees ons dit dan ook: "Daar is, God weet dit, vreugde in water en lig". Groei staan egter nie los van sy teenhanger, verval of stagnering nie; vreugde nie los van pyn nie.

In hierdie bundel word groei en veral, vreugde en pyn in hulle paradoksale samehang aan die orde gestel. Dit kan gesien word in 'Parabool' (p 52) en in 'Hezerlik angs' (p 21) weer is sprake van "heerlike pyn".

In die gedig 'Van Alfa tot omega' (p 28) word die alfabetiese gang van a tot z en die weerbegin van a van toepassing gemaak op die mensheid in sy verskeidenheid. Die slotreëls is insiggewend: "a draf voort/tot die hart gaan staan,/val,/ lê stil/en word uitgespel uit die generatief alfabetiese beweging/van die ewig veelwoordig bewegende wil". Stilstand en beweging is deel van dieselfde geheel.

In die gedig met die ironiese titel 'Beatus en Beata' (p 42) (Salige/geseënde man en geseënde vrou") word die saligheid van die voltooide, die nie-meer-wordende afgewys: "Want snel en lig is pols en donderweer/ word traag en log standhoudend/ in miljoene eone verkleineer".

Gebrek aan wording, gearriveerdheid, word voorgestel as 'n 'Seniele orde' (p 43) waarin alles onderbeheer en maklik hanteerbaar is; so 'n orde benodig slegs "een getal/ en een woord: nihil afsienbaar".

Afgesien van vitalistiese verse waarin groei en die vreugde van lewe uitgebeeld word, staan daar in 'Angelliera' ook verse waarin hierdie lewensdrif gerelativeer word, byvoorbeeld 'Die jeug van vandag' (p 35) en 'In memoriam selfmoordenaar' (p 29).

In die kader van die samehang tussen groei en verval, vreugde en pyn, moet die verkenning van die seksuele in die bundel gesien word. 'Koïsie' (p 60) is in hierdie opsig 'n sleutelgedig. Dit titel kom van die Latynse woord "coitio" (saamgestel uit co- (vanaf cum) en ire) wat samekoms, veral in seksuele konnotasie, beteken. Ek haal die gedig in geheel aan:

*Water van tuinsproeiers in*  
*die droogte*  
*ruik skerper,*  
*lommer in die hitte*  
*is koeler,*  
*lig en vuur word deur die*  
*bedreigde*  
*son gemaak, hoe gepynigder*  
*die vlees en litte*  
*hoe strelender die genesing,*  
*vrugte*  
*is soeter*  
*hoe bitterder die pitte,*  
*vogtige slymvlies*  
*en droë pulver*  
*nies koïeties,*  
*hy stulp en sy*  
*pul, soos alle*  
*ander gevalle*  
*pas albei.*

In hierdie gedig word gewerk met teenstellende dinge (water-droogte; hitte-koeler; gepynigder-strelender; soeter-bitterder; vogtige slymvlies-droë pulver; hy-sy). En die belangrike is dat hierdie uiteenlopende dinge saamkom. Dit mond uit in die seksuele waar hy en sy pas.

Seks in sy vreugde en pyn word in hierdie bundel verbeeld soos selde tevore in Afrikaans. Pront en opsetlik word geskryf oor een van die diepste en intenste ervaringe van die mens. Die silkus 'Tuin' (p 9-11) vorm 'n hoogtepunt in hierdie verband.

Samehangend hiermee tref ons in die bundel ook 'n besondere aardsheid met groot klem op die liggaamlikheid aan. (Volg. veral die skitterende "Mariliyn Moroe foto in blou' (p 22-23).



● *Klasdraf moet maar soms interessant gemaak word met allerlei idees ... Hier geniet Eduard Esterhuyse en Theo Young 'n ritjie op hulle fiets.*

# Telefone by koshuise frustreer

**— Zelda Nel —**

**NAAS leë brandstoftenks en wekkers is daar seker niks so frustrerend soos koshuistelefone nie. Die beste manier om 'n vaal kol in 'n andersins vrolike dag te sit, is om na een van die Puk se koshuise te probeer bel nie.**

Nadat jy elke alternatiewe nommer drie keer geskakel het en die telefoon elke keer beset lui, loop jou entoesiasme by die hokkie uit en, as jy van die swakkeres onder ons is, loop jy daarmee saam. As jy skilpadgeduld geseën is, mag jy dalk vasbyt totdat die telefoon anderkant lui. By die meeste manskoshuise op die Puk beteken bogenoemde deurbraak nie veel nie. Om 'n telefoon te antwoord, is net so "uit" soos slaapklere en Radio Suid-Afrika.

Is daar wel 'n eerstejaar op diens, moet hy, in die geval van manskoshuise, gewoonlik die dak lig voordat hy hoorbaar word bo die lawaai in die agtergrond. Onwillekeurig kan jy inluister op verskeie stortserenades, die rugbywedstryd oor die radio volg en heelpartykeer 'n paar toevoegings tot jou woordeskat maak.

By dameskoshuise kry 'n mens veral met die probleem te doen dat die eerstejaars die deurskakeling op die skakelbord nog te ingewikkeld vind. Voordat jy weet waar jy is, gesels jy met drie persone tegelyk en is daar tussenin 'n verwarde eerstejaar wat stamelend verskoning maak terwyl 'n senior onsimpatiek verwyte slinger.

'n Mens vra jouself die vraag af of die eerstejaars dan nie voldoende opleiding kry in dié verband nie. 'n Mens hoef aan die ander kant ook nie juis formele opleiding te hê om hoflik en vriendelik te wees nie — dis tog iets waarop Pukke graag sou wou roem.

Eerstejaardametjies op voordeurdiens is geneig om (met hul naïewe eerstejaarvoornemens) agter stapels handboeke te swoeg in die voorportaal. Dit is werklik aanprysenswaardig, want die tyd gaan verlore wanneer daardie lang ure agter die toonbank verwyl word. Die stille werkers moet egter dan nie lyk asof hulle 'n onreg aangedoen word wanneer hulle iemand oor die interkom moet roep nie.

Swak telefoondiens gaan veroorsaak dat menige humeur deurslyt en daar moet definitief iets aan gedoen word.

**Uiteraard behoort die diens te verbeter soos die jaar sy verloop neem en die eerstejaars vertroud raak met die delikaatheid van hulle werk. Tot dan moet ons maar op die tande kners en miskien maar die blapse oorsien.**

# SRVP—bestuur

**OP Maandag, 2 Maart, is die nuwe SRVP-bestuur vir 1981 verkies.**

As voorsitter, is Flip Schutte verkies. Die visevoorsitter is Adelaid Ferreira en as ondervoorsitter is Nico Henning verkies. Daleen Grobler is die sekretaresse en Freddie Snyman die penningmeester.

Die res van die bestuur is Corné Mulder, Tjaart Erasmus, Lou du Preez, Tinus du Plessis, en Kiere Joubert.

# Vraelys bepaal behoeftes

**AS gevolg van probleme wat ondervind word met die struktuur van die studentelewe op die Puk, gaan vraelyste deur studente voltooi word, sodat die student se grootste behoeftes bepaal kan word.**

Volgens Wim Vergeer, SSR-lid vir Studentedienste, is die studentestruktuur tans nie effektief nie. Op 'n studentekongres wat op 5 Mei 1981 gehou word, sal die leemtes en behoeftes van die studente bespreek word.

Moontlike oplossings vir dié probleem sal na afloop van die kongres aan studente voorgehou word. Daar sal veral gepoog word om 'n bevredigende en effektiewe studentelewe aan te help.

# Radio-diens

**DIE UP-kampus het nou hulle eie radio–diens. Nadat hulle aanvanklik gesukkel het om aan die gang te kom, saai hulle op Maandag 9 Februarie die eerste keer in die hoofkafeteria uit.**

Die Uitvoerende Komitee van Radio Tuks (RUK) het tydens die Desembervakansie 'n ateljee ten bedrae van R1 100 ingerig. Die hele stelsel kos R28 000.

# *Koshuiskas betaal vir andersheid*

**KOSHUISKAS betaal vir die andersheid van studentwees.**

Inwoners van manskoshuise op die PU vir CHO betaal tussen R15 en R30 koshuiskas. Kasgeld in die dameskoshuise wissel vanaf R10 tot R20. Die dorpkoshuise word deur die Puk gesubsidieer.

Kasgeld word hoofsaaklik aangewend om aan elke koshuis 'n eie identiteit te gee. Die dameskoshuise gebruik die geld om hulle koshuise in 'n "tuiste" te omskep sodat elke dame trots kan wees op haar koshuis. Dit is ook vir elke koshuis inwoner 'n trots om sy of haar koshuis se naam te vertoon, hetsy op 'n t-hemp, sweetpak, oorpak, klasdrafsak, skryfpapier of koffiebeker.

Hierdie geld word ook aangewend om tradisie te laat voortleef. By sommige dameskoshuise is dit 'n instelling om die koshuis se verjaardag op 'n gebruiklike wyse te vier. Die koshuisdinee aan die einde van die jaar, is iets waarna elke Puk uitsien en elke koshuis wil meer oorspronklikheid aan die dag lê as die ander. Elke koshuis het ook 'n gebruiklike wyse waarop hulle dore en drake onthef word.

In die koshuis is 'n mens lid van 'n groep en om hierdie groepsgees te versterk word daar aksies onder mekaar en ook met ander koshuise gehou. Op dié wyse leer die mense mekaar ken, word daar vir jou ontspanning gereël en dit maak jou 'n gebalanseerde individu.

Elke koshuis wil van karnaval iets besonders maak. Kasgeld sorg dan ook dikwels vir die geesvang voor en tydens karnaval.

Op sportgebied wil elke koshuis 'n wenner wees. Terselfdertyd word daar ook vir die ontspanning sy van studentwees gesorg.

Kasgeld moet ook sorg vir daardie besonderse uniekheid van 'n koshuis, soos byvoorbeeld om afskeidsgeskenkies vir die verlaters te gee of verjaardae besonders te maak.

# Klop jou begroting?

**— Anja van Tol —**

**HOE kan ek my begroting laat klop? Dit is 'n netelige probleem by sowel eerstejaars as by die senior studente. Hierdie probleem word veral ondervind in die begin van die jaar — so omtrent die eerste drie maande. Daar is 'n honderd en een dinge wat gekoop en betaal moet word.**

Die wagwoord volgens dr P C Schutte, senior dosent in Ekonomie, is om praktiese en realisties te wees. Elke student bevind hom in 'n ander situasie, met verskillende probleme en verskillende bedrae sakgeld.

Boeke is 'n item wat beslis 'n groot hap in 'n sak veroorsaak, en veral hier moet baie oordeelkundig te werk gegaan word. Om feite in die oë te staar — baie dosente skryf 'n hele aantal boeke voor, net om indruk te maak. Daarom, sê dr Schutte, moet studente eers by dosente uitvind tot watter mate 'n boek gebruik gaan word, watter periodes en wanneer. Hierna kan doelgerigte studente besluit om saam te werk, uit een boek. Ander studente moet voordat daar halsoorkop 'n nuwe boek gekoop word, eers die tweedehandse winkel en ook die vorige jaar se studente raadpleeg — hou dus advertensies dop. Dr Schutte het niks teen 'n boekeversameling van studente wat nie hul boeke wil verkoop nie, maar ook hier moet mens prakties bly — gaan die betrokke student ooit die boek weer gebruik, of gaan hy bloot 'n stofgaarder word?

'n Aanbeveling van mnr Hennie Botha, die finansiële studenteadviseur, is om beslis van die afslagkaart gebruik te maak. Daar is baie leweransiers en handelaars wat die afslagkaart aanvaar en baie word al hierdeur bespaar. 'n Ander wenk van mnr Botha is om advertensies van uitverkopings dop te hou. Veral by sport- en klerewinkels kan tydens uitverkopings 'n goeie slag geslaan word.

Verder word aanbeveel dat studente 'n begroting opstel — óf weekliks óf maandeliks óf selfs vir die hele jaar.

# Koshuiskas lok kritiek uit

**DIE Koshuiskas van dagstudente is 'n onderwerp wat baie kritiek uitlok. In 1980 het Administrasie 'n bedrag van elke dagstudent ingevorder. Die geld word gebruik om koshuisvaders en huiskomitees te betaal en die res word aan elke koshuis gegee en dien as hulle koshuiskas.**

In die verlede is hierdie geld self deur die huiskomitees ingevorder. Die stelsel werk nou so dat elke voltydse student tien rand aan die administrasie betaal saam met sy klasgelde. Volgens die getalle wat die huisvaders aan die administrasie verskaf, word daar dan 'n sekere bedrag aan die koshuis betaal.

Verlede jaar is meer geld aan dagkoshuise gegee as wat deur administrasie ingevorder is.

Huiskomitees van die dagkoshuise voel dat hulle baie meer geld behoort te ontvang. Verlede jaar het elke koshuis onderskeidelik die volgende bedrag gekry: Amajuba R11 000, Dinki R9 000, Oppikant R12 000, en Villagers R11 000.

Mnr Venter, assistentrekenmeester by Finansiële Administrasie, sê as daar te min geld aan die koshuise gegee word die huiskomitees die probleem met die huisvaders moet opneem.

# Afslagkaarte goed in aanvraag

**PUK-STUDENTE is oor die algemeen baie in hul skik met die nuwe afslagkaarte. Daar is alreeds byna 400 afslagkaarte verkoop.**

Volgens Wim Vergeer, SSR-lid vir Studentediens, moet studente van die afslagkaart gebruik maak sodat die koopkrag van die studente gesentraliseer word. Dit sal die sakelui dwing om pryse te verminder, want dit is kenmerkend dat geen handelaar op die Bult bereid is om enige afslag aan studente te verskaf nie.

Die winkels waar studente voortaan met 'n afslagkaart in die hand kan instap, is die volgende: Solly se Winkel, Sayed's, Soolimans en Seuns, The Gift Centre, Oriental Store, Blue Store, Dabhel House, TX Tailors & Outfitters, Jays Uitrusters, Potch Speed Den en LB Skoene. Al dié winkels is in die Indiërsentrum.

Die volgende winkels in die dorp gee ook afslag: F Zeiler (Potgieterstraat), S Lewis & Van Heerden Apteek (Kerkstraat), Mooirivier-Apteek (Kerkstraat), Ajax-Boeke & Skryfbehoeftes (Kerkstraat), Snyman-Drankwinkel (Van Riebeeckstraat), Potch Chevron (Checkersentrum), Salon Jo-Anne (Wolmaransstraat), La Bobine (Kerkstraat), Je Ladi (Checkersentrum), TV Centre & Furniture (Kerkstraat), Joubert Meubels (Kerkstraat), Suziku Motorfietse, S Joy's Spares (Gouwstraat), Miami Restaurant (Kerkstraat), Cuthberts (Kerkstraat), Potch-Skoenreparasies & Leerwerke (Wolmaransstraat), Safari Sports (Checkerssentrum), Sparno (Clarkstraat) en Safari Wapens (Octron gebou).

Harold's Volkswagen verleen afslagdienste aan alle Pukke met of sonder 'n afslagkaart.

Al die voorregte en voordele kos net R1,00 per student plus 'n paspoortfoto. Afslagkaarte is by die Inligtingtoonbank beskikbaar.

die WAPAD

## Paksas is welkom

Die Pukke staan om een of ander rede apaties teen oor politiek. Hulle weet min of meer aan watter politieke party hulle behoort en kan vaagweg politieke probleme van die dag identifiseer.

Politieke aktiwiteit op die kampus is noodsaaklik. Dit kan studente se aandag op politieke vraagstúkke toespits en so politieke betrokkenheid aanmoedig.

Die meer verligte studente het hulle reeds gegroepeer by Polstu (wat deesdae maar min van hulle laat hoor). Die behoefte aan soortgelyke leiding en gesamentlike optrede het konserwatiewe studente nou klaarblyklik gedwing om hulle in Paksas te verenig. (Dit is waarskynlik ook deel van 'n tendens van konserwatiewe groepvorming waarvan Aksie Eie Toekoms 'n voorbeeld is.)

Die stigting van Paksas is dus te verwelkom in soverre dit politieke interaksie en denke sal aanmoedig — iets wat veral so kort voor die verkiesing noodsaaklik is. Ons hoop Politiese Raad sal die geleentheid gebruik om Polstu en Paksas bymekaar te bring vir 'n debat oor mekaar se doelstellings en standpunte.

Ons politieke situasie vereis dat daar dieper as die oppervlak gedelf word. Daarom is daar iets in verband met Paksas wat mens bekommerd stem: behalwe een of miskien twee van hulle leiers is daar niemand wat polities goed onderlê is, wat aktief by Politiese Raad is, of wat bekend is in politieke kringe nie. 'n Mens hoop dat hierdie aksie nie bloot gerig is op die werwing van 'n groot konserwatiewe stem in die verkiesing nie.

## Nog 8 weke

Studente wat nog in die luilekker-niksdoengees van oriëntering en karnaval verkeer, sal spoedig tot die harde akademiese werklikheid moet terugkeer. Net agt volle akademiese weke lê nog voor voor die semestereksamens. Dit is dus nóú die tyd vir skouer aan die wiel sit — die volgende kans is eers in 1982!

**HOOFREDAKTEUR:** Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.
**Boodskappe** kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
**Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h30**

**Josua 24:19**

**"Julle kan die Here nie dien nie, want Hy is 'n heilige God, Hy is 'n jaloerse God; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie".**

### Tema: God kan alleen deur 'n veranderde hart gedien word.

Josua praat in hierdie harde taal met Israel die **verbondsvolk** van God. Indien hy dit aan ongelowiges gesê het, sou dit nie so skerp geklink het nie. Hy praat egter met mense wat die Here ken en wat Sy leiding en genade in hulle volksgeskiedenis gesien het.

Tog is hierdie woorde nodig. Die volk het, nieteenstaande die onmiskenbare leiding van God ook nog afgode gedien. Sy genade en leiding was nie vir hulle genoeg nie. Hulle wou nóg iets by hê om hulle lewe vol te maak.

Al die gelowiges is die volk van God en hierdie woorde kom tot elkeen van ons wat probeer om God te dien, maar ook nog die wêreld met al sy afgode wil dien.

Ons wil so baie maal die Here en die wêreld dien. Ons wil Christene wees, maar tog doen ons mee aan die wêreldse dinge.

Deur die week is ons met ons dinge besig en beginsels word gerieflik opsy geskuif sodat ons nie tussen ander mense "uit" moet voel nie. Sondae sit ons egter met vroom gesigte in die kerk.

As ons die Here só wil dien, sê Hy baie duidelik: "Julle kan die Here nie dien", Hy is 'n heilige God en 'n jaloerse God. Hy wil hê dat ons HOM ALLEEN moet dien.

Uit onsself is ons swak en kan ons Hom nie reg dien nie, maar omdat ons 'n lewende Verlosser het, kan ons saam met die apostel Paulus bely: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Fil. 4:13).

Slegs Christus kan ons harte verander. Hy maak van ons NUWE MENSE. In Christus **kan** ons.

Laat ons elke dag met erns bid om die leiding van die Heilige Gees sodat ons Christus reg sal ken en dat ons met veranderde harte die **Here alleen** sal dien.

**Danie de Kock**




# Die ASB het wél 'n politieke taak

**— Len Heyneke —**

**DIE feit dat baie persone skeef opkyk as die ASB politiek praat, het aanleiding gegee tot die hoofbestuur van die ASB se grondige ondersoek na die politieke betrokkenheid van die ASB.**

Die feit dat die ASB tot op hede nog nie duidelik uitgespel het wat sy politieke betrokkenheid behoort te wees nie, het grootliks bygedra tot 'n hewige argumentasie.

Die volgende feite is nie 'n standaardwerk of handboek nie, maar slegs 'n poging tot 'n paar basiese riglyne.

### Die ASB — 'n Politieke of Kulturele organisasie?

Die doel van die ASB is die bevordering van die Afrikanerkultuur op studentvlak (Artikel 5 van die grondwet).

By die stigting van die ASB op 14 Augustus 1948, het prof C.H. Rautenbach, destyds rektor van UP, die vergadering toegespreek en onder andere die volgende gesê: ‚Die Afrikaanse student het nie alleen 'n taak nie, meer nog, hy het 'n plig om 'n bydrae te maak tot die Afrikaanse kultuur -en politieke lewe'.

In die gedenkblad van 1958 toe die ASB tien jaar oud was — verskyn in deel ii van dié blad onder die opskrif "Werksaamhede van die ASB" die volgende inhoudsopgawe:

- Oorsese konserttoer
- Bevordering van gesonde rasseverhoudinge
- Ons betrekkinge met die buiteland
- Kulturele bedrywighede
- Landsdiens
- Studie en Navorsing

### Huidige situasie (1979/80)

Hieruit blyk die volgende projekte van die ASB te wees:

- Jaarlikse kongres
- Vakkonferensies
- Kuesta
- Fiesta
- Tuislandtoer
- Oorsese toer na Europa
- Publikasies — Asbeeld, Asbek ens.

"Die ASB was die afgelope 33 jaar oorwegend 'n kultuurorganisasie wat ook polities aktief was. Dit is jammer dat daar bygevoeg moet word dat die ASB in enkele gevalle meer die indruk van 'n politieke organisasie geskep het, vanweë die beklemtoning van politieke aktiwiteite ten koste van ander werksaamhede".

### Mag die ASB as kultuurorganisasie politiek bedryf?

Die stelling word dikwels gemaak dat politiek en kultuur niks met mekaar te doen het nie. Volgens hierdie redenasie sou die ASB hom nie met politiek moes bemoei nie en slegs met „kultuur" gemoeid wees. So 'n siening spruit voort uit onkunde met betrekking tot die term kultuur.

Daar bestaan 'n nou verhouding tussen politiek en kultuur: Eerstens het elke mens as vrye kultuurwese 'n politieke reg om te kan besin en besluit oor sy toekoms en daardeur te verseker dat hy homself in die toekoms as vrye kultuurwese sal kan handhaaf.

Dit is dus moontlik vir die ASB om suiwer kultuur te beoefen sonder om soms op terreine te beweeg waar politiek en kultuur saamval.

### Politieke rol van die ASB

Tydens 'n hoofbestuursvergadering op 27 September 1980 is die politieke rol van die ASB soos volg gedefinieer.

(i) Om deur die skep van geleenthede die bestudering en evaluering van lands- en lewensvraagstukke op akademiese en prinsipieel verantwoordbare wyse moontlik te maak;

(ii) Deur leidinggewend op te tree in die politieke meningsvormende proses in studentegeledere; en

(iii) Om deur middel van formele en informele kontak onderling en met ander kultuurgroepe, wedersydse begrip en waardering te skep.

### Politieke beleid

Die plek van die politiek moet bepaal word aan die hand van die verbondenheid en uitlewing van hierdie komponent deur die lede van die ASB in sy daaglikse handel en wandel.

Die ASB mag nie vervreem raak van die mense wat deur die verskillende studenterade en verenigings in hom verteenwoordig word nie.

Die ASB moet getrou bly aan sy grondwet en sy wese as kultuurorganisasie.

Die optrede van die ASB moet egter op die nasionale Christelike grondslag berus en optrede van die ASB-kant moet ook akademies verantwoordbaar wees.

Feit bly staan: die ASB mag nie stagneer in 'n stroom enersdenkendes waarin geen politieke energie gegenereer word nie. Lidmaatskap van die ASB kompromiteer nie tot 'n bepaalde standpunt nie. Die ASB mag nooit 'n linkse of regse politieke drukgroep word nie.

Die ASB moet met dinamiet en geloof 'n sinvollë bydrae lewer tot 'n vreedsame toekoms — sonder om die res van sy kultuurtaak te verwaarloos met behoud van ons identiteit.

## Geleenthede na en van orals

**DIE saamrydiens by die inligtingskantoor stel studente in staat om geleenthede na verskillende plekke aan te bied en te vra.**

'n Boek met vorms moet deur die aanbieder of -vraer ingevul word. Besonderhede oor die tye van vertrek en terugkeer, die onkostes en die aantal geleenthede beskikbaar moet gegee word.

Wim Vergeer, SSR-lid vir Studentediens en Weerbaarheid, stel ook ondersoek in na moontlike busdienste na onder andere Durban, Windhoek en Pietersburg. Vorms is tot dusver nog net onder die primaria versprei om vas te stel hoe groot die behoefte daaraan is. Die busdienste sal dan net vóór en ná vakansies funksioneer.

# Ds. dalk nuwe direkteur

**DS Ben de Klerk van die Gereformeerde gemeente, Cachet, is die pos van direkteur van die Studenteburo, tesame met 'n mede-professoraat in Wetenskapsleer aangebied.**

Hy sê dat die besluit nie by hom alleen berus nie. Die Kerkraad moet op 24 Maart 1981 die finale besluit neem.

Ds Ben voel hy kan nie nou reeds 'n vooruitskouing gee van die direkteurspos nie, want dan loop hy die besluit vooruit.

Dit sal beteken dat hy voorskrifte gee vir 'n ander persoon wat die pos moontlik sal aanvaar.

Tesame met die direkteurspos is hy ook die pos as medeprofessor in Wetenskapsleer aangebied. Nie net die Kerkraad van Cachet nie, maar ook die Kerkrade van omliggende gemeentes het seggenskap in die besluit, aangesien hy beroep kan word. In sy amp as predikant is hy lewenslank verbind aan die kerk. Die Kerkraad moet besluit of die werk, in Christus noodsaaklik is.

Studente is van mening dat indien ds Ben die pos aanvaar, dit so bestem is. Hy sal deur menige studente gemis word as prediker.



*JAPIE van Rensburg en Pikkie van der Merwe van Majubakoshuis, Goudstadse Onderwyskollege, verduidelik aan prof Tjaart hoe die grotes weggekom het, terwyl hulle vinnig 'n lyntjie natmaak langs een van die modderpoeletjies op die plaas Amajuba. (Foto: Susan Botha, Die Vaderland).*

# Werner lei NP op kampusse

**WERNER Eksteen, voorsitter van die NP-tak op die Puk, is as die Nasionale Party se studente-organiseerder benoem.**

Volgens Werner behels dié taak alle organisatoriese werk van die NP op die Puk, Pote, Vaalriviertak en die Vanderbylpark-tegnikon.

Werner sê dat hy gaan poog om studente reg in te lig oor die beleid van die NP en dat hy ook die NP-tak lewendig wil maak en hou. Waarom die keuse vir dié taak (waarvoor hy ook besoldig word!) juis op hóm geval het, skryf hy hoofsaaklik toe aan die feit dat hy baie betrokke is by die jeug, veral wat kerklike sake betref.

Werner toon 'n lewendige belangstelling in die politiek en sê dat hy hom ook in die toekoms daarop wil toespits. Hy is tans voorsitter van die Politiese Raad.



● *Ds Ben de Klerk.*

# Studente breek dok se ruit

**VRYDAGAAND kort voor middernag, het vier studente, dr J H van den Berg se woonkamervenster stukkend gegooi. Dr van den Berg is huisvader van Oosterhof, Klawerhof en De Klerkhuis.**

Die vier booswigte het blykbaar probeer om plastieksakke vol water by die vensters, op die eerste verdieping aan die noordekant van Oosterhof, in te gooi. Hul mikpogings was egter van koers af en die boonste venster van die woonkamer het aan skerwe gespat.

Met die breek van die venster het die vier deur die Psigologie- en Opvoedkundegebou weggehardloop. Die moontlikheid bestaan dat 'n dame die vier herken het toe hulle weggehardloop het.

Ná die voorval, het mev Van den Berg gesê sy weet nie wat is verkeerd op die kampus nie, maar die atmosfeer is onrustig en alles behalwe akademies. Sy kan nie insien wat studente hierdeur probeer bereik nie.

Verlede week was daar elke nag na middernag mans wat by die koshuis rondgeloop het.

# Gibbens fonds

**'n BEDRAG van R2500 is al ingevorder vir die George Gibbens-trustfonds. Indien daar nog bydraes is, kan dit by die Interne Ouditeur in die Studentesentrum inbetaal word.**

George het op Maandag, 2 Maart, sy agtiende verjaarsdag in die hospitaal gevier. Dit gaan onder omstandighede goed met hom. Hy is in staat om met behulp van armstutte homself te voer.

Dokters is egter nog nie seker hoe ernstig George se besering is nie. 'n Verdere diagnose sal eers ná ses weke gemaak kan word.

# Mosie sê ja vir partye

**'n MOSIE waarmee die verskillende politieke partye op die kampus toegelaat word om reklamering te doen, is op 26 Februarie algemeen deur die Studenteraad aanvaar.**

Die mosie lui dat gesien in die lig van die algemene verkiesing op 29 April 1981 en die toenemende aktiwiteite van politieke partye op die kampus, besluit die SSR hiermee dat:

- Openbare vergaderings van alle geregistreerde politieke partye met die medewete van die SSR op die kampus gehou word;
- werwing en oorreding deur verskillende politieke partye op die kampus toegelaat sal word;
- plakkate van die verskillende kandidate op goedgekeurde posisie op die kampus aangebring mag word na voorlegging aan en goedkeuring deur die SSR;
- pamflette, strooibiljette en soortgelyke publikasies op die kampus versprei mag word na voorlegging aan en goedkeuring deur die SSR.

# Polstu soek plek

**POLSTU het aansoek gedoen om kantoorruimte in die komiteekamers van die Studentesentrum te verkry.**

As die versoek goedgekeur word, sal Polstu ook 'n telefoon ontvang. Hulle gebruik reeds Posbus 11.

Polstu het toestemming ontvang om tydelik van die SR se sekretaresse se dienste gebruik te maak.

Polstu ontken ook gerugte dat hulle aansoek gedoen het om patronasie onder die SR aangesien die organisasie in so 'n geval teen hul sin onder die Politiese Raad sal moet ressorteer.

# Tuks sê ja vir Polstu

**'n MOSIE wat aan Polstu toestemming gee om 'n stigtingsvergadering te hou, is tydens 'n spesiale vergadering op 19 November 1980 deur die UK van die VSR van Tukkies aanvaar.**

Die konstitusie is egter onderhewig aan goedkeuring deur die VSR. Goedkeuring sal daarvan afhang of dit party-politiek van aard word en sy interuniversitêre karakter behou.

# Groot fiëstafees op Kovsies

**VANJAAR is die jaar van groot makietie op Kovsies. 'n Feëstafees word vanaf Maandag 13 April tot Donderdag, 16 April daar aangebied.**

Altesaam 12 kursusse sal tydens dié fees aangebied word. Dit sluit die volgende in: bergklimkursus, valskermspring, hangsweef, rykuns, motorsporttegnieke, praktiese pistoolskiet, waterski, pottebakkery, wynkennis, verslanking en gesondheid, grimering, sjarme en onthaalkuns.

Koshuisinwoning, vervoer, verversings, sportgeriewe, ensovoorts, sal gratis aan deelnemers voorsien word.

Fiësta '81 beloof om dié Fiësta van Fiëstas te wees. Inskrywingsvorms is by Awie Verhoef beskikbaar.


NUWE JETTA



Die ruim nuwe VW Jetta het geland.

Met 'n spoggrootte 520 dm³ bagasiebak. 'n Ruim kajuit met nuwe standaarde van swierige binnekenmerke:

'n Omvattend toegeruste paneelbord met toereteller en syferhorlosie (GLS-modelle). Getinte voorruit. Pluispooltapyte kleuraangepas by ingevoerde veloermateriaalbekleedsel. En 'n verhitte agtervenster (GLS).

Beskikbaar in GL 4-spoed-handrat, GLS 5-spoed-handrat, GLS outomaties.

As u dus 'n motor wil loods met so 'n pragvoorkoms dat dit net deur sy indrukwekkende standaarde van ingenieurswese en ruimte oortref word . . .

RUIMTETUIG

Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220
Potchefstroom
Tel: 4261

Vlieg Metta Jetta

VW JETTA

J408




**Bussie 13 Studenteraad**

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Bobaas goed; slegte keuse

**Meneer**

OOR die regie, die dekor, die vertolking van die akteurs en die verdere tegniese aspekte (wat uiteraard baie goed was) wil ek niks sê nie — daarvoor was Bobaas van die Boendoe miskien te goed.

My probleem lê by die keuse van die stuk. Is Bobaas van die Boendoe werklik een van die beste stukke in Afrikaans — is dit een van die beste van Brink (alhoewel dit gebasseer is op 'n anderstalige stuk)?

Die stuk kom vir my saamgeraap voor — daar is los temas wat nie ten volle uitgewerk word nie. Die Christusbeeld word nie konsekwent in Kris Kaiing uitgebeeld nie.

Dit kom voor of die skrywer onuitgewerkte temas uit rangeer en nooit weer daarop terugkom nie.

My vraag is of die bepaalde stuk soveel om die lyf het, en soveel te sê het, dat dit geregverdig is om op te voer.

Of gaan mens eerder vir twyfelagtige stukke as werklik goeie dramas (daarmee bedoel ek nie Griekse tragedies nie.)

**Bob Aas**

# Doredrag nie duur

**Meneer,**

NA aanleiding van die berig "Prof kap oriëntering" in Die Wapad van 6 Maart 1981, wil ek net die saak in perspektief stel.

Ek betwyfel nie die berig oor die koste van Wag-'n-bietjie se Doredrag nie, maar wil waarsku teen veralgemening. Klawerhof se Doredrag: 'n groen romp, groen T-hempie, enige bypassende bloes en bruin sandale het nie naastenby 'n fortuin gekos nie en dan kan dit nog altyd weer gebruik word. Die eerstejaars kon hul persoonlike smaak laat geld en ook toesien dat die drag hul sak pas.

Moenie Doredrag as 'n manier om oriëntering in die stof te laat byt gebruik nie. Myns insiens bou dit net aan die eerstejaardames se gees en maak dit hulle trots op hulle koshuis.

Doredrag moet egter so prakties, netjies en goedkoop moontlik voorgeskryf word.

**Ansie Lubbe**

# Radio Puk steek dwars in oor

**Meneer**

VOLGENS Die Wapad van 6 Maart 1981, beplan Radio Puk om musiek in die eetsale te verskaf.

Maar ek hoop die koshuisinwoners word dit gespaar as dit ook van so 'n swak kwaliteit is as wat ons in die Studentesentrum ervaar. Want dit wat ek tot dusver van Radio Puk gehoor het, het my dwars in die oor gesteek. Die musiek was soms, letterlik, oorverdowend hard en jy kon nie 'n dooie woord hoor van wat die omroepers sê nie.

Maar dit troos my darem om te hoor dat Radio Puk hul doeltreffendheid wil verhoog.

Ek beveel aan dat hulle by die basis begin en hulle toerusting vervang of drasties verbeter.

En ek hoop die opleiding wat hulle by die SAUK wil ondergaan, slaag, sodat die professionaliteit van Radio Puk verhoog kan word.

**C F Schoeman**

# Ouboet en Kleinboet?

**Meneer**

**AKSIE Eie Toekoms sê hulle wil "konserwatiewe, denkende" mense saamsnoer. Paksas se hulle wil al die "konserwatiefdenkende" studente in 'n eenheid saamsnoer. Nou is die vraag: Het die kleinboet (student?) die Ouboet (dosent?) se verklaring verkeerd gelees? Of wil die Ouboet "denkende mense" saamsnoer en die Kleinboet "konserwatiewe studente"?**

**Vra maar net**

# Pukkies presteer

**DIE Puk se trompoppies — oftewel die Pukkies — het Saterdag, 7 Maart geskitter op Frankfort se jaarlikse skou waar hulle teen die Kovsie- en B.O.K.-dames gekompeteer het en met 'n oorwinning weggeloop het.**

Die meisies van Pote en die Goudstadse Onderwyskollege sou aanvanklik ook deelgeneem het, maar moes onttrek omdat hulle kleredrag nie volgens die reëls was nie. Die poppies is beoordeel volgens hulle klere, voorkoms en die algemene netheid van die groep.

Magel Weber, leidster van die Puk se poppies, is aangewys as die beste leidster, terwyl die Pukkies se leidstergroep tweede gekom het ná Kovsies wat eerste gekom het in dié afdeling.

# Besprekings vir Puk se plaas

**BESPREKINGS vir verblyf op die Puk se plaas word nou deur die studente-adviseur, mnr Horst Bütow, behartig.**

Mnr Bütow werk daagliks met studente wat weet wat hulle behoeftes is. Hy is heeldag op kantoor in die Studentesentrum en kan dus maklik bereik word deur studente.

Nooitgedacht, die Pukplaas, is 32 km uit Potchefstroom. Die plaas het 'n huis met 12 beddens, wat 18 tot 20 studente kan huisves, asook twee rushuise met agt beddens, yskas, stoof en 'n toilet. Wanneer 'n massa studente die plaas besoek, is daar tydelike geboue tot hulle beskikking. Hierdie geboue kan 20 studente huisves. Ook is daar vier huise wat geen beddens het nie.

Die sekuriteitsdiens word waargeneem deur 'n swart man wat permanent daar aangestel is.

Om toegang te kry na die plaas moet 'n permit wat 50 sent kos by mnr Bütow gekry word. Sonder die kaartjie sal toegang tot die plaas geweier word. Die kaartjies is geldig vir net een dag.

# Skyfies nie te duur

**'n KLAGTE van studente dat die warm skyfies van die kafeteria te duur is, is ongegrond en nie geregverdig nie.**

Die prys van skyfies is verhoog van 35c na 50c per 200 gram. As in ag geneem word dat die prys van aartappels verlede jaar met 15% gestyg het en die van kookolie met 30%, is die verhoging nie buitensporig nie. Salarisse moet ook betaal word. Een lid van die swart personeel is heeldag besig om net skyfies te maak, omdat daar heeldag 'n aanvraag daarna is.

# Maties oriënteer nuwelinge beter

**Meneer**

EK is seker dat baie ander Pukke saam met my bly is dat die einde van die huidige vorm van oriëntering op die Puk uiteindelik in sig is.

Vandat ek op die Puk aangekom het, hinder die onbeheersde en dikwels ondoeltreffende manier van oriëntering by baie koshuise my. Wanneer die seniors aan die begin van die jaar hier aanland, vaar hulle eenvoudig onder die eerstejaars in, sonder dat hulle vooraf deeglik 'n oriënteringsprogram beplan en bespreek het. Ek het die vermoede dat die meeste seniors, veral tweedejaars, net daarop uit is om op die eerstejaars uit te haal wat hy in sý eerstejaar moes deurmaak. Dit kan hom geen duit skeel of hy die eerstejaar help om op die Puk aan te pas, of nie.

Aangesien ek op Stellenbosch oriëntering ondergaan het, kan ek dit met oriëntering hier vergelyk. Liggaamlike oefening tydens oriëntering is lankal taboe op Stellenbosch. Dit het die huiskomiteelede en seniors egter glad nie daarvan weerhou om oriëntering steeds so doeltreffend soos voorheen toe te pas nie. (Terloops, die doeltreffendheid van oriëntering word nie gemeet aan die hoeveelheid sweet wat jy uit 'n eerstejaar kan tap nie, maar aan die gesindheid waarmee hy by die studentegemeenskap inskakel).

Op Maties val die klem nou eerder op psigiese druk, sonder om eerstejaars tot senuwee-aanvalle te dryf. Die kunsmatige wrywing tussen die seniors en die HK's word nie so kwaai beklemtoon soos hier nie, maar meer die feit dat jy as eerstejaar nie deel is van die koshuis nie. Deur die week word ook na 'n klimaks opgebou soos met die uitgooi van die SR hier, maar dit geskied op koshuisvlak. Eerstejaars mag op Tarentaaldag gaan eet, maar onder minder aangename omstandighede.

Gedurende die oriënteringstydperk is 'n doopkaptein by elke koshuis deurgaans in streng beheer van alle doopaktiwiteite, en tweedejaars mag geen oriënteringaksies inisieer nie.

Aan die einde van my oriëntering het daar 'n puik gees onder ons eerstejaars geheers. Niemand was jammer dat hy dit deurgemaak het nie, daar was geen beserings nie, geen senuweegevalle nie, en niemand het uit die koshuis padgegee nie. Wat my veral opgeval het, was die moeite wat die seniors gedoen het om van die hele affêre 'n sukses te maak.

Ná die oriëntering van twee weke is die eerstejaars heeltemal ontgroen, en is (byna) as gelykes behandel.

Ek beveel 'n soortgelyke manier van oriëntering vir die Puk aan.

**Bly-dis-verby**

# PASBBO soek borg

**Meneer**

GESIEN in die lig van die groot aantal organisasies wat deesdae sy kop plekplek uitsteek, voel ons ons genoodsaak om ook 'n beweging te stig.

PASBBO (Politieke Aksie vir Studente Buite bestaande Organisasies) se doelstellings is:

- Daar is ruim geleentheid vir die beoefening van partypolitiek binne bestaande politieke partye.
- Politiese Raad bied genoeg geleentheid vir die vorming van studente se menings oor die politiek en ons is ten gunste van die gebruik van Politiese Raad as hulp tot politieke meningsvorming.
- Die ASB is 'n ideale forum vir positiewe politieke gespreksvoering.
- Ons is ten gunste van doelgerigte gesprek met alle politieke groepe.

Verder gaan ons soos al die ander voort . . . ons het nog net nie 'n borg nie.

Neem hiermee kennis van 'n geheime ondergrondse stigtingsvergadering in die duikweg. Indien niemand opdaag nie, dan het ons nog nie 'n borg nie.

**Soekie-borg-en-wen-'n-vergadering**

# Oriëntering moet bly

**Meneer**

EK was bly om in Die Wapad van 6 Maart te lees dat die universiteitsowerheid uiteindelik besluit het om in te gryp en die oriëntering van eerstejaars op 'n gesonder grondslag te plaas.

Ek kon my nog nooit vereenselwig met 'n stelsel waar studente beseer word, senuwee-aanvalle kry, en geld mors op kleredrag en etes nie. Boonop gaan soek baie eerstejaars dan in elk geval blyplek in die dorp sodra oriëntering verby is. Dit getuig beslis nie van die regte houding jeens die koshuis nie, en dan het oriëntering mos nie in sy doel geslaag nie.

'n Verandering is dus ongetwyfeld nodig. Wat my egter verontrus, is die "informele, alledaagse manier" waarop die eerstejaars nou verwelkom moet word (hoofartikel, Die Wapad, 6 Maart). Dit, na my mening, is byna net so erg soos die manier van oriëntering die afgelope jare.

Dit is nou eenmaal so dat 'n eerstejaar wat so pas gematrikuleer het, dink hy is die kaatjie van die baan. En dit is nie die regte gesindheid om mee in te skakel by 'n gemeenskap waar almal in byna alle opsigte sy medere is nie.

Sy status (of gebrek daaraan) moet hom dus onomwonde aan die verstand gebring word, en dit kan alleenlik deur 'n vorm van oriëntering geskied. 'n Mens glo jou nou maar eenmaal nie as jy hom iets wat hy nie graag wil hoor nie, op 'n vriendelike manier vertel nie.

Oriëntering is dus steeds nodig, en dit kán geskied sonder verminking, senuwee-ineenstortings en die ander negatiewe gevolge van die huidige stelsel. Al wat dit vra is ordentlik beheer deur die universiteitowerheid en huiskomiteelede, en dat die seniors dit met die regte gesindheid benader.

**M B van Wyk**




# Hou op rook

WANNEER 'n persoon wil ophou rook, is die eerste 48 uur gewoonlik kritiek. Sodra hierdie tydperk verstreke is, sal dit daagliks makliker gaan. Kies van die wenke wat u die beste sal pas:

Rook elke dag een sigaret minder as die vorige dag.

Dink na voordat u 'n sigaret aansteek — en besluit dan om dit uit te stel.

Moenie sigarette heeltemal opgee nie. Hou altyd een byderhand. U sal geneig wees om te spaar.

Moenie sigaretrokery vir altyd staak nie — slegs vir 'n dag. Doen dit dan weer die volgende dag, en die volgende, en die volgende.

Vertel u familie en vriende dat u gaan ophou rook. So 'n openbare belofte sal u wilskrag versterk.

Bêre alle sigarette, asbakke, vuurhoutjies, ens. sodat u nie aan u afswering herinner word nie.

Koop 'n voorraad pruimedante, geelwortels, ens.

Senuagtigheid, verhoogde eetlus, ens. is tekens van die liggaam se heraanpassing. As u probleme ondervind, vra u geneesheer om hulp.

Onthou: 'n 25-jarige man wat 20 sigarette per dag rook, mag sy lewe met 5-1/2 jaar verkort, vergelyke by 'n nie-roker van dieselfde ouderdom.

**Siekte en Liggaamskade veroorsaak deur die rookgewoonte.**

**Onomkeerbare toestande (onherstelbare skade, selfs die oorsaak van dood):** hartaanvalle (20 x hoër mortaliteit as nie — roker), blaaskanker, gangreen van die tone ens., breinbloeding, verkalkte are, lipkanker, tongkanker, keelkanker, kroniese obstruktiewe lugwegsiekte, emfiseem, longkanker, bronchiektase (lugpypverettering).

**Omkeerbare toestande:** Smaakverlies, reukverlies, wanabsorbsie van voedsel, maagsere, brongitis, asma, sinusitis, hoë bloekdruk, leukoplakie van die tong (voorloper van kanker), manlike onvrugbaarheid, hartkrampe, verswakte breinfunksie, (verminderde wakkerheid en konsentrasie), algemene vatbaarheid van siekte, wintershande, -voete- vingers en tone, hartaritmië (hartklippings).

**Toestande tydens swangerskap:** Klein swak babas, Intra-Uterine dood, Neo-Natale dood (pasgeborenes), loslating van die plasenta.

# Rektor kyk krities na tradisies

**"DEUR die 112 jaar van die Puk se bestaan het ons kostelike tradisies opgebou wat nie ligtelik oorboord gegooi kan word nie. Ons moet dit net krities hersien en sinvol aanpas". het prof Tjaart van der Walt gesè.**

Volgens hom is die Puk 'n gevestigde universiteit en sy geskiedenis en tradisies is 'n bate.

Soos tye en smaak verander, het sommige Puk-tradisies reeds uitgesterf. Dit was sommer nog 'n paar jaar gelede gebruiklik dat Pukke op Vrydae hul universiteitskleurbaadjies gedra het. Hierdie gebruik is nou beperk tot enkele studente en spesiale geleenthede.

Die Puk-fietsryer van toet het ook gesneuwel onder die aanslag van die druk lewenstempo!

Oriëntering stort sy eie mandjievol tradisies in die Pukskatkis. Die lekkerste lekker vir 'n uitgehongerde seniorstudente na die lang Desembervakansie is tog maar die sappige vermaak van Kenmekaar, met eie herinneringe nog vars in die geheue.

Volgens prof Tjaart, is die SR — uitgooi nie meer prakties uitvoerbaar nie.

Dit het oor die jare bewys dat dit histerie in die hand werk en al hoe meer onkontroleerbaar raak. Dit raak afgesaag omdat baie eerstejaars vooraf daarvan vertel word. Hoewel die meerderheid studente voet by stuk hou dat hulle nie van hierdie tradisie wil afsien nie, is hier tog gulde geleentheid om iets nuuts en oorspronkliks in te voer.

Die byna vergete Hof van Hades het gewoonlik enorme studenteoorspronklikheid aan die dag gelê. Waarom nie hierdie kostelike klug laat herleef nie?

Die meeste studente voel dat hulle hul voortande sal gee om tradisies soos Tarentaaldag, die Dorelied en Doredrag te laat voortleef. Doredrag sal wel aangepas kan word sodat dit in die toekoms meer ekonomies en prakties vir die eerstejaars sal wees.

Die Groot Brag is 'n onontbeerlike noodsaaklikheid om geesvang onder studente te monster voor intervarsity. Hierdeur verseker ons ons sportmanne van die Puk-massa se steun. Net so het die Groot Sweet voor die SR — verkiesing gekom om te bly.

Kaap-na-Rio wat in die kader van karnaval val is 'n Puk-tradisie wat ongetwyfeld teruggebring moet word.

Dis 'n eienskap van die Pukke dat ons saam hard werk en saam hard speel. Dis 'n studentegemeenskap met 'n skoon studentegees. Die kerkbywoning van die studente is puik. In die koshuise word huisgodsdiens nog op gesette tye gehou. Die Pukke groet mekaar, hulle ken mekaar.

Met sy eie tradisies het die Puk 'n unieke karakter opgebou en dis elke trotse student se plig om toe te sien dat dit wat mooi en goed is, nie verlore gaan nie.

# Vereniging wil Suidwesgees op kampus skep

**'n VERENIGING op die Puk wat nog in sy kinderskoene staan, die Suidwesvereniging is gestig. Alle Suidwesters op die kampus mag hieraan behoort.**

Die vereniging is verlede jaar deur 'n paar Suidwesters gestig wat gesien het dat só iets tot groot voordeel sou strek vir die klein groepie Suidwesters op die kampus. Patronaatskap is op Maandag 23 Februarie van die SSR ontvang.

'n Doelwit wat die vereniging hom voor oë stel, is om 'n gesonde Suidwesgees op die Puk te skep.

Ook word gehelp met leiding aan eerstejaars uit Suidwes-Afrika om hulle sodoende beter te laat inskakel met die kampuslewe. Hulle reël ook vervoer na en van Suidwes-Afrika en is behulpsaam met huisvesting vir Pukgroepe wat Suidwes besoek.

Milanie van der Merwe, sekretaresse van die vereniging, sê hulle beplan om gedurende die jaar sosiale aksies aan te bied, waaronder ook naweekkampe word só gereël dat dit gedurende koshuisnaweke en langnaweke plaasvind wanneer die Puk gewoonlik leegloop. Die eerste kamp sal op Rustenburg-Kloof gehou word tydens die naweek van 13-15 Maart.

Donderdagaand, 26 Februarie, het die Suidwesvereniging hul bekendstellingsbraai vir die eerstejaars op die Fanie du Toit-sportterrein gehou.

**Die bestuur bestaan uit:**
Poena Potgieter — voorsitter
André Compion — ondervoorsitter
Milanie van der Merwe — sekretaresse
Burger Terblanche — penningmeester.

Daar word 'n beroep op alle Suidwester-eerstejaars gedoen om by die vereniging aan te sluit.

Ledekaartjies kan by enige koshuisverteenwoordiger of bestuurslid gekoop word teen R3 stuk.

Lede sal voorkeur geniet as dit kom by die kampe en uitstappies se skietlyste.

# *Huishoudkundiges skop goed af*

**AL gehoor van die Junior SAVDH? Wel, dit is eintlik die Huishoudkundevereniging wat deel uitmaak van die landswye Suid-Afrikaanse Vereniging vir Dieetkundiges en Huishoudkundiges. Die Junior SAVDH se Wes-Transvaal-tak is verlede jaar gestig en kom so stadigaan op die been.**



● *Hier geniet 'n paar dames die soet fondue tydens die Junior SAVDH se eerste funksie.*

Hul eerste funksie is op 10 Februarie gehou. Die gasspreekster was dr M Wissing wat gesels het oor "Aanpassing" — 'n toepaslike onderwerp om die nuwe huishoudkunde- en dieetkunde- eerstejaars te verwelkom. Tydens hierdie geselligheid is die nuwe T-hemde van die vereniging ook bekendgestel, en dit het byval by almal gevind. Die aand is afgesluit met 'n soet Fondue.

Die vereniging se bestuur sien as volg daaruit: voorsitster: Inge Lloyd, ondervoorsitster: Cornelia Ferreira, sekretaresse: Ria Buys, Penningmeester: Elsie du Plessis, addisionele lid: Elmarie Venter.

Die ledegeld is R5. Die Huishoudkunde- en Dieetkunde- dames wat nog wil aansluit, moet so gou moontlik by die sekretaresse gaan aanklop. Met deelname aan hul aksies, word belangstelling in hul vereniging en vak behou en verbreed hulle kennis en insig insake gemeenskaplike sake rakende Huishoudkunde en Dieetkunde.

# Koshuiskoerante skaars

**— Zelda Nel —**

**DIE meeste Puk-koshuise het nie koshuiskoerante nie. Wanneer mens dit vergelyk met die posisie by 'n universiteit soos Tukkies, is die leemte by ons universiteit opvallend.**

By 'n onlangse ASPU-vergadering (Afrikaanse Studentepersunie) is vrae aan verteenwoordigers van verskeie universiteite en kolleges vanoor die hele land gestel oor die bestaan van koshuiskoerante op hulle kampusse.

Daaruit het geblyk dat die Universiteit van Pretoria by verre die uitblinker is. Alle Tukkie-koshuise het koerante — die meeste verenigings ook. Hierdie koerante verskyn twee tot vyf keer per jaar en die gehalte daarvan is baie goed.

Daar is selfs 'n jaarlikse kompetisie waarin pryse uitgeloof word vir die beste koerante van dameskoshuise, manskoshuise, verenigings en buitehuise. Tuks meen dat so iets nodig is om die beeld van 'n vereniging of koshuis uit te dra — veral op 'n groot kampus soos hulle s'n.

Die situasie op RAU lyk nie veel anders nie. Daar verskyn op die oomblik nege koshuiskoerante van A5-grootte. Hierdie koerante spits hulle grootliks toe op interne huis-en skindernuus.

Op die Puk lyk dit asof koshuise hulle maar meestal skaar by die tradisionele publikasie aan die einde van die jaar, wat maar eintlik as 'n tipe jaarblad bestempel sou kon word. Wag-'n-bietjie gee wel ongeveer vier keer per jaar 'n koshuiskoerantjie uit wat hulle by 'n drukkery in Klerksdorp laat druk. Die koerant word grootliks gesteun deur advertensies, en daar is gewoonlik nie baie probleme met finansies nie. Daar word egter op hierdie stadium met die inwoners onderhandel of hulle bereid sou wees om 'n klein bedraggie vir die koerant te betaal.

Sommige Puk-koshuise het 'n tipe "bulletin" wat maandeliks of periodiek verskyn. Dit kan egter nie as 'n koerant bestempel word nie. 'n Publikasie van 'n redelik goeie kwaliteit is werklik nodig in die groot koshuise op die Puk. Dit hou die inwoners nie net op hoogte van wat aangaan in die koshuis nie, maar skep inderdaad 'n eenheidsgevoel. Daarin kan griewe en briewe geplaas word en sodoende kan dit as uitlaatklep vir die inwoners se frustrasies dien. Dit sal verhoed dat interne koshuisprobleme ontaard in kampusprobleme.

Miskien kan só 'n koshuiskoerantjie deel word van 'n koshuis soos die koshuissweetpak en sy voorportaalmat.

**ALLE politieke berigte word verantwoord, nagesien en van opskrifte voorsien deur Izak Minnaar, redakteur van Die Wapad, PU vir CHO Potchefstroom.**

CHARLENE LE RICHE
Beauty Clinic/Skoonheidskliniek
Cidesco, S.A.I.H.B.Th

**LEWIS ARCADE.
KERKSTREET,
POTCHEFSTROOM**

**TEL.: 5581**

**BEHANDELINGS**
*Velbehandeling
*Franse velafskilfering
*Verjonging en serumbehandeling
*Spesiale koringkiemmasker
*Verjongde H.T. masker
*Velanalise en grimering
*Kleuring van wenkbroue en oogwinpers
*Manikuur
*Pedikuur
*Verwydering van gesigs- en beenhare
*G 5 verslankingsmasjien

**GRIMERING**
*Grimering
*Bruidsgrimering
*Gewone dag en aandgrimering
*Fotografies
*Modelgrimering
*Korrektiewe grimering
*Disco
*Fantasie
*Kamoefleer
*Verhoog en TV
*Futuristies
***ONS BIED SPESIALE TARIEWE VIR STUDENTE**

'n Jaarlange kursus in skoonheidsterapie neem binnekort 'n aanvang.
**Skakel 5581 om 'n afspraak vir 'n onderhoud te reël.**



● 'n Paar "Thalianers" verkeer gesellig tydens Thalia se bekendstellingsbraai by die dam.

# Karlien se sitkamer word nuut

**BEHALWE vir die 70 nuwe gesigte, het die sitkamer van Karlien ook 'n groot verandering ondergaan.**

Dit sitkamer is pas uitgeverf en nuwe gordyne en 'n mat sal ook binnekort deel wees van die nuwe voorkoms.

Wat groot byval vind is die waterverfskildery wat deur Deborah Roos se moeder, mev Dingie Roos, aan die koshuis geskenk is. Dingie Roos is die eggenote van die bekende kunstenaar, mnr Jo Roos. Jo Roos is verantwoordelik vir die beeldhouding van die Totiusbeelde wat onderskeidelik by die ingang van die Biblioteek staan, asook dié een in die Totiuspark. Die waarde van die skildery word beraam op sowat R200.

Nog 'n nuwe meubelstuk wat binnekort die voorportaal van Karlien sal versier, is die vollengte vertoonkas. Dit sal die nuwe huis van Jan-Piet en Liberlien, die twee donkies van Karlien, wees. Hierin sal ook al die bekers uitgestal word waaronder die muurbal-, karnaval-, eerstejaarsatletiek- en konsertbekers sal tel.

# Fietse

**DAAR is 'n opvatting onder die studente dat daar voldoende stoorplek vir hul fietse is, maar dat dit nie na behore gesluit word nie.**

Volgens majoor Du Toit van die Sekuriteitsafdeling word daar gepoog om 'n stelsel in te stel waarvolgens die koshuismatrone die sleutels van stewige slotte by haar sal hou, terwyl die sekuriteitsafdeling lopers vir sodanige slotte sal hê.

Die moontlikheid bestaan ook dat elke fiets 'n bepaalde nommer gaan kry sodat vasgestel kan word as iemand 'n fiets in sy besit het, wat nie aan hom behoort nie.

Alle verontregtes kan dus by die sekuriteitsafdeling gaan kyk. Hulle fietse wag dalk daar op hulle.

# Geografiestudente besoek goudmyn

**DIE Wetenskap wat oor die aardkors (die lae waaruit dit bestaan en hulle geskiedenis) handel — oftewel Geografie — klink héél interessant te wees. Veral as dit met die gewone studentepret blinkgevryf word!**

Op Dinsdag, 3 Maart, het nagenoeg 24 Geografiestudente die Vaal Reefs-goudmyn besoek.

Gewapen met oorpakke, veiligheidshoede, koplampe en stewels (Party s'n hier te kort en daar te lank) is hulle met die hysbak af na die vyf-en-sestigste skag.

Hier het hulle met koekepanne rondgery en so tussen die sweetstraaltjies deur gekyk na 'n goudrif met 'n deursnee van 2cm asook na die gate wat geboor word om dinamiet in te sit.

Die sweetstraaltjies het plek gemaak vir leerbaadjies vanweë die geweldige verskil in temperatuur (bo- en ondergronds) toe die "geoloë" gaan kyk het hoe die goud gegiet word. As aandenking het elkeen 'n stukkie gouderts wat in PVC gemonteer is, gekry.

Alle gedagtes aan goud moes egter die wyk neem voor die heerlike braaivleis en drinkgoedjies. 'n Lesing oor onder andere die ekonomie van 'n myn en die baie beroepsmoontlikhede wat dit bied, het dié aangename en leersame uitstappie afgesluit.

# Aktueel verskuif kampdatums

**AKTUEEL het die datum vir die tweedejaars- en derdejaarskamp verander.**

Op 20 en 21 Maart word 'n tweedejaarskamp, en 'n derdejaarskamp aangebied. Dit beloof om 'n groot sukses te wees.

Daar word weggedoen met die klaskamersituasie en op egte studente manier besin oor studenteaangeleenthede te midde van studentepret.

Op 27 tot 29 Maart word 'n eerstejaarskamp aangebied waar die nuwe Pukke vir die eerste keer sal kennis maak met die hartklop van die studentelewe.

Verdere datums soos in die sakboekie aangegee, bly onveranderd.

Aktueel betree vanjaar 'n nuwe fase as subkomitee van die Studenteraad. Dit vra om die steun van al die Pukke. Hou ons plakkate dop en verseker dat jy nie die grootste pret van jou studentelewe misloop nie.

# Montium vier hul tiende bestaansjaar

**MONTIUM, die Puk se bergstap- en rotsklimklub, vier vanjaar sy tienjarige bestaan. Die klub handhaaf tot dusver 'n ongeluksvrye rekord van nege jaar.**

Ter viering van die bestaan word 'n spesiale reüniedag op 25 April gereël in die vorm van 'n vleisbraaiery. Alle lede en oud-lede is baie welkom om die feesvierings by te woon. Die Montium-skuur onder die Amfiteater word ook tydens die vierings in gebruik geneem.

Die toerdatums vanjaar is soos volg en nie soos dit in die Puk-sakboekie verskyn nie:

27-29 Maart - Openingsnaweek na Magaliesberge
9-21 April - Sederberge (Kaap)
17-20 April - Drakensberge
25 April - Verjaarsdag
22-25 Mei - Drakensberge (Amfiteater)
24 Junie-1 Julie - Drakensberge
4-7 September - Drakensberge
27 November-6 Desember - Transkei (Mazepabaai tot Port St John's)

Met die uitstalling van Kultuurraad van 16-23 Maart stal Montium toerusting van Varsity Sports en Camp and Climb uit. Lede sal toerusting teen billike afslagpryse kan aanskaf.

Persone wat belangstel om toere mee te maak moet die plakkate dophou en die toervergaderings bywoon vir meer besonderhede.

# SR-foto's

**ALLE SSR foto's hang reeds in die raadsaal van die Studentesentrum. Hierdie foto's dateer terug tot 1924.**

Dis egter nie heeltemal volledig nie.

Verlede jaar is die SSR-foto's behartig deur mnr Hugo Pienaar, maar is tans die verantwoordelikheid van Fielies Kotze.

# Beurs bekom

'n Nagraadse student in die Departement Farmakologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, dr Mark Gilman, het 'n studiebeurs van die minder nie as R70 000 verower.

Hierdie bedrag is deur die Anglo American-korporasie aan dr Gilman toegestaan vir die voortsetting van sy studies vir die M.Sc-graad in farmakologie onder leiding van prof Johan Offermeier.

Dr Gilman doen navorsing oor die oorsprong van pyn in die menslike brein en die effek wat verskillende pynverdowers op die endorfiensisteem in die brein het.

Endorfiene is endogene bestanddele waarvan die effekte verwant is aan dié van morfien. Die teenwoordigheid van hierdie bestanddele in die brein is maar onlangs ontdek en dr Gilman het reeds sommige publikasies hieroor in internasionale tydskrifte gepubliseer.

Nog 'n nagraadse student in die Departement Farmakologie, mev I Olivier, het ook 'n beurs van die Stigting van die Etiese Medisyne-vereniging gekry. Sy doen navorsing oor die metabolisme van teofillien.

Mev Oliver is lektrise aan die Departement Farmakologie.

# Korpsraad skop af

Op Dinsdagaand, 24 Februarie 1981 is die eerste Korpsraadsvergadering van 1981 gehou. Die raadslede het almal besin oor die Struktuur van die Krops, en hoe Korps sy taak hierdie jaar doeltreffend gaan aanpak. Twee onderliggame wat besondere aandag geniet het, was Hulpprojek en die Fokusse. 'n Nuwe Struktuur vir die Fokusgroepe is voorgestel, en 'n komitee het hieroor gesit. Dit beloof om 'n effektiewe struktuur te wees. Na die vergadering is die Raad vol moed en werksywer uitmekaar.

Intussen is daar ook besluit dat die voorsitters van die onderliggame twee-weekliks bymekaar sal kom in die Korpskantoor. Die volgende byeenkoms is dus op 26 Maart 1981, om 13h30.

# Versiering

So tussen die studies deur is die kunsstudente hard besig om die Studentesentrum op te vrolik met hul verf en kwaste.

Daar is reeds 'n paar vertrekke geverf. Hulle het verlede jaar met die werk begin en is besig met die kamer langs die Raadsaal.

Twee kamers moet nog geverf word, waarvan Gathland een is.

# Studente woon TV-opnames by

**OM 'n program op televisie te sien en van die opnames by te woon, is beslis twee verskillende dinge! Terwyl alles op die televisieskerm rustig en georden lyk, is dit 'n ander storie in die opname-ateljees.**

Net voor die opnames begin, skarrel tegnici nog heen en weer om alles op die nippertjie gereed te kry. 'n Duisternis verbindings moet gekontroleer word, ligte flikker aan en af, terwyl kameras heen en weer gedraai word om die beste skote te verseker. In die kontrolekamer gaan dit nie veel beter nie. Die regisseur gee vir oulaas bevele, klankbane word getoets, en die produksiesekretaresse en beeldmenger neem stelling in voor hul monitors met duisende knoppies en liggies. Almal praat omtrent gelyk.

Dit was die gesig wat Komunikasiekunde-studente van die Puk begroet het toe hulle onlangs opnames van die TV-program DIS MY GEHEIM in Johannesburg bygewoon het. In die kontrolekamer kon die studente sien hoe die ding nou eintlik gedoen word. Die regisseur is hier in bevel, met die produksiesekretaresse en beeldmenger aan sy sy. Die regisseur besluit water kameraskote, ligte en tipe klank gebruik moet word; sommer so in een. Onder in die ateljee waar die opnames geskied, moet die assistent-regisseur sorg dat alles vlot verloop.

Wat veral opvallend was tydens die opnames, was die behendigheid van die kameramanne en die op-en-wakker houdings van die hele produksiespan. Deurentyd was hulle gereed vir enige fout wat kon insluip. Van die senuweeagtigheid wat 'n mens gewoonlik verwag, was daar by die aanbieder en sy span geen sprake nie. So het Cobus Robinson die transmissiestel 'n skop gegee, omdat dié nie wou werk nie!

Alles het vlot verloop, behalwe vir 'n fout met Sybil Coetzee se mikrofoon. Die produksie moes toe mooitjies gestaak word totdat die fout herstel is. Weer was die vaardigheid en vinnige reaksie van die produksiepersoneel duidelik. Elkeen het presies geweet wat om te doen. Gelukkig kon die produksie in die middel hervat word, sodat dit nie nodig was om die hele program oor te skiet nie. Daarna is nog twee opnames gemaak, met kort ruspouses tussen in. In dié tyd kon die deelnemers verklee, en het die kinders die bekendes behoorlik toegesak vir hul handtekeninge.

Na dié uiters leersame besoek was almal dit eens dat televisiewerk nie net teoretiese kennis vereis nie, maar ook praktiese vaardigheid — en bowenal — senuwees van staal!

# Hulpprojek bou kerk

**HULPPROJEK, 'n vereniging op die Puk wat kerke bou en ander hulpdienste in die tuislande verleen, was van 29 November tot 10 Desember 1980 weer in aksie in die Oos-Transvaal.**

Op 'n plaas naby Trichardsdal het hulle uitgespan en vandaar het hulle elke dag na Lebowa gery na die plekkie waar hulle besig was om 'n kerkie te bou. Met die bouwerk is tot op dakhoogte gevorder en daar is verder ook 'n suksesvolle naaldwerkprojek gehou.

Die samewerking en groepsgees in die klein groepie — sewe mans en vyftien dames — was puik. Omdat die geestelike aspek, naamlik Bybelstudie en diep gesprekke, prioriteit gehad het, was die geestige aspek ook op sy plek. Volgens hulle sal die grappe, sê-goed en sports nog lank onthou word.

Kortom, dit was 'n baie dankbare en tevrede groep Pukke wat op 10 Desember na Potchefstroom teruggekeer het.

# Eerstejaarskamp

Die Aktueel Kamp vir Eerstejaars word die naweek van 27-29 Maart by Boskop gehou. Die skietlys vir die kamp open 16 Maart voor die Kafeteria. Die kampprogramme sal daar uitgedeel word en die R6 kampgeld moet dan betaal word.



● *Mnr Pieter Louw, wat onlangs in die VSA was vir 'n studietoer, is hier besig om Herman de Villiers te help om 'n gimnastiekbeweging te vervolmaak.*

Sportpersoonlikheid

# Pieter Louw

— Griet Gräbe —

**MNR Pieter Louw, het onlangs van die Verenigde State af teruggekeer, nadat hy daar meer gaan leer het oor die nuwe afrigtingsmetodes van gimnastiek en die administrasie van sport.**

Pieter Louw het op 'n plaas in die Venterstaddistrik in die Noordoos-Kaap grootgeword. Sy matriek behaal hy by Paarl Boys High in die Paarl. Daarna skryf hy in by die Universiteit van die Oranje Vrystaat en behaal hy sy Liggaamlike Opvoedkunde Diploma.

Mnr Louw het self goed in sport presteer en is gekies vir die eerste krieketspan van Kovsies. Hy het ook as flank vir die Shimlas en OVS uitgedraf. Aan gimnastiek het hy nooit self deelgeneem nie, behalwe die praktiese deel van sy diploma. Na 'n baie ernstige rugbybesering, waar Pieter Louw byna die gebruik van sy bene verloor het, is sy belangstelling in gimnastiek geprikkel. Omdat hy toe reeds te oud was om self aan gimnastiek deel te neem, het hy begin met afrigting in gimnastiek.

Elke jongmens het seker 'n "wanderlust" en ook Pieter Louw het vir 'n jaar lank oorsee rondgetoer. Tydens sy verblyf in Duitsland het hy 'n damesafrigtingskursus gevolg. Terug in Suid-Afrika het hy besluit by Maties in te skryf om sy graad in die Liggaamlike Opvoedkunde te behaal. In daardie tyd was hy ook gekies om Bolandse dames-gimnastiek af te rig.

Twee jaar lank was mnr Louw onderwyser by Fishhoek High waar hy ook sy eie seuns-gimnastiekklub gestig het. Hy is toe as W.P.-damesafrigter aangewys. In 1979 het Pieter Louw sy Honneurs by Maties behaal en dieselfde jaar is hy ook as assistent-nasionale afrigter vir dames aangewys. Hy het ook sy nasionale beoordelaarsertifikaat vir mans verwerf.

Wat mnr Louw se werk aan betref, kan hy land en sand gesels. "Ek probeer sukses behaal met my gimnaste wat ek nie self kon behaal nie. Myns insiens is dit nie noodwendig nodig om 'n goeie sportman in 'n spesifieke sportsoort te wees om 'n goeie afrigter in daardie sportsoort te wees nie. Dis gewoonlik die persoon wat self deelgeneem het, wat dink hy weet alles en nie 'n dieptestudie van vaardighede doen nie", het hy gesê.

Sy afrigtingsmetodes is baie interessant. Gedurende die oefeninge speel daar gedurig musiek. Met die musiek probeer hy 'n kunsmatige kompetisie-atmosfeer skep. Aan die een kant lok dit mense wat kom kyk wat aangaan en aan die ander kant leer dit die deelnemer om goed te konsentreer.

Daar is dus 'n kalmer gimnas by die werklike optredes.

Tans is daar tien mans en dames van die Puk wat by Pieter Louw oefen. Volgens hom het baie van die beginners goeie potensiaal, maar weens die Suid-Afrikaanse skoolomstandighede kan die gimnas nie ontwikkel nie. Gimnastiek is 'n vaardigheidsport wat nie oornag kan prestasies lewer nie, maar wel oor die langtermyn. Die gimnaste oefen tans sewe en 'n half uur per week. Mnr Louw sê dis nog nie genoeg nie, maar omdat die saal met ander sportsoorte gedeel moet word, kan daar nie meer tyd bestee word nie.

Die metodes en tegnieke van gimnastiekafrigting en sportorganisasie het die afgelope paar jaar 'n geweldige metamorfose ondergaan. Die Pukowerhede het daarom besluit om mnr Louw oorsee te stuur sodat die nuwe tegnieke en rigtings aan te leer. Plaaslike sakelui het die toer finansieel ondersteun.

Mnr Louw was van 7 Januarie tot 15 Februarie in die Verenigde State vir die studie. Hy het sy studies hoofsaaklik by die volgende institute ontvang: Temple University, Philadelphia, Southern Connecticut State College, New Haven; University of Nebraska, Lincoln; University of Oklahoma, Norman; Lousiana State University, Baten Rouge.

Mnr Louw sê hy dink hy is op die *oomblik* die enigste Suid-Afrikaner *wat so* 'n toer na die VSA aangepak het. Dit is volgens hom iets wat hy enige afrigter kan aanbeveel omdat dit help om 'n breër perspektief te kry van hoe verskillende topafrigters te werk gaan in die administrasie en bevordering van hulle sportsoorte. Wat spesifiek van belang is, is die aanleer van die mees moderne en wetenskaplike tegnieke. Die nuutste en modernste apparaat en hulpmiddels vir die bereiking van 'n afrigter se doelstellings is ook daar te sien.

Apparaat is ook aangekoop om te help met mnr Louw se afrigting. "Ek kan nie glo dat ek voorheen daarsonder klaar kon kom nie, aangesien dit my afrigting so vergemaklik", het mnr Louw gesê en bygevoeg dat daar nou ook meer veiligheid vir die gimnaste is. Veiligheid behoort die primêre saak te wees by gimnastiek.

Wat die toer van soveel waarde gemaak het, is dat daar van gedeeltes van die stelsels wat hy oorsee geleer het, gebruik kan word om die huidige organisasie en administrasie van die Puk te probeer verbeter.

Na aanleiding van sy stimulerende ondervinding in die VSA, het mnr Louw gemotiveerd geraak om sy MA-studie oor die organisasie en administrasie van sport te doen. Hiermee wil Pieter Louw 'n verdere bydrae lewer om die sport op die Puk te verbeter.

# Ammosal wen die kwaai rugbystryd

**AMMOSAL het in 'n opwindende wedstryd teen die Puk se eerste span met 27-12 gewen.**

In die eerste helfte het twee Pukspelers die veld met beserings verlaat. Sarel Loots, die slot, het harsingskudding na net tien minute opgedoen en is deur Cassie Coetzee vervang. Petz het Johan Ungerer as skrumskakel vervang nadat hy met 'n rugbesering van die veld af is. Petz het sy plek goed volgestaan en goeie diens aan sy losskakel, Cobus van Wyk gelewer. Herman Kleynhans het met een strafskop geslaag in die eerste helfte. Die rustydtelling was 8-3 in die guns van Ammosal.

Die Puk het Ammosal goed gehou tot die laaste twintig minute van die tweede helfte. Zillen Roos het toe ook 'n puik drie aangeteken. Dit is deur Herman Kleynhans verdoel. Die telling in daardie stadium was 11-9 in die guns van Ammosal. Die doodsteek vir die Puk was toe Ammosal se senter, Andries Gerber, die bal onderskep om 'n drie onder die pale te druk. Daarna het die Pukke 'n bietjie laat slap lê. Herman Kleynhans het weer met 'n strafskop geslaag om die telling 27-12 te maak.

Vir die Pukspan het die nuwe kaptein, Nic Nortjé, uitgeblink en hy is goed bygestaan deur sy losvoorspelers, Piet Conchar, Barend Kirsten en Gert Smal. Die agterspelers het 'n goeie eenheid gevorm en kan nog later in die seisoen goeie prestasies lewer. Die uitblinkers hier was Zillen Roos, wat die Puk se enigste drie gedruk het en Wessel van der Merwe.

Die Ibbies het gelykop geëindig in hulle wedstryd. Die telling was 24 elk. Nico Moodie en Wikus Myburgh het hier goeie spel gelewer.

Mnr Dirk de Vos het gesê die kwaai kompetisie aan die begin van die seisoen is baie goed. Al vyftien Ammosal se spelers speel vir Griekwaland-Wes. Ondervinding wat opgedoen word sal baie help later tydens die intervarsities. Veral met Gysie Pienaar wat nou ook die vir Shimlas speel, sal intervarsity 'n groot stryd afgee.

Die Puk self het 'n goeie aanwins gekry. J P Geldenhuys was verlede jaar nog 'n Matie en het al ses wedstryde vir die Westelike Provinsie gespeel. Dit sal die keuse tussen die losvoorspelers verder bemoeilik.

# Wapad-skaak in volle swang

**MAANDAGAAND, 9 Maart het die tweede ronde van die Pukskaakkampioenskappe plaasgevind. Teen saktyd van DIE WAPAD was die volgende uitslae beskikbaar:**

W van der Meer en H van Wyk 2 punte;
J Immelman en H Heroldt 1½ punte;
C van der Westhuizen (Caput), P Cilliers (Liberalia); C van der Walt (Overs), B Venter (Overs), R Ostendorf (Caput) en K Jonkheid (Overs), elkeen 1 punt. Die tweede ronde word Donderdag voortgesit.

Die deelnemers word net daarop gewys dat hulle met Sarel van der Westhuizen in Caput moet reëlings tref vir alternatiewe spelle indien hulle nie op Maandae of Donderdae kan deelneem nie.

Spelers wat wegbly sonder verskoning of nog nie teen Maandag, 16 Maart, hulle tweede ronde afgehandel het nie, stel hulle bloot aan diskwalifikasie.

Almal wat belangstel om die skaakspelers dop te hou kan Maandae en Donderdae om 18h30 na die maksi-stel by die spuitfontein kom. Enigeen wat belangstel kan op die maksi-stel speel. Indien dit reën of die lig te swak is, vind spelle in die kafeteria plaas.

# Fietsklub op die Puk

**DIE sportraad beoog om 'n fietsryklub op die Puk te stig. Binne die volgende twee weke sal die stigtersvergadering gehou word. Daar sal plakkate aangebring word om die studente daarvan in kennis te stel. Alle belangstellendes moet hulle name by die sportraad se bussie, nommer 25, pos.**

## Luidsprekerstelsel te huur op die Puk

Daar is nou 'n luidsprekerstelsel te huur op die Puk vir die reklame van aksies. Die stelsel behoort baie te beteken in onder andere rade, verenigings, dorpsaksies ensovoorts, wat byvoorbeeld saamtrekke, aksies of die optrede van bekende persone bekend wil maak. Die spesifikasie van die luidsprekersisteem lyk so:

**Versterker:** 3 kanale van 30 Watt

**Die 2 luidsprekers:** 45,72 cm - 25 Watt

**'n Bandspeler** kan ook aan die luidsprekers gemonteer word. Die hele stelsel is op 'n staander gemonteer wat op enige motor pas. Die stelsel kan ook staties werk met 220 V.

Dit behoort aan die Politiese Raad. Vir meer besonderhede oor die tarief, ensovoorts, nader Danie du Plessis - Caputmanskoshuis.

# Kovsies wen Vaal Reefs

Woensdag 7 Maart het Kovsies hul staal gewys toe hulle Vaal Reefs in 'n rugbywedstryd geklop het.

Hierdie was net 'n ligte waarskuwing aan die Pukke dat hulle reg is vir intervarsity en dat hulle van plan is om te wen.

# Tennis

(Vervolg van p12)

die jaar uit te daag. Daar is nog geen vasgestelde datums vir enige wedstryde nie, maar daar word verwag dat van die eerste wedstryde om en by Mei sal plaasvind.

Die wenners van verlede jaar se kampioenskappe, Vic Joyce en Elbi Kruger, speel weer vanjaar.

# Snoeker

(Vervolg van p12)

dan toegepas word. Slegs twee spanne sal binne die snoekerkamer toegelaat word; ander spelers sal buite moet wag vir 'n tafel om oop te gaan. Stokke en balle sal na elke spel ingehandig moet word.

Die snoekerkamer is daagliks van 08h00 tot 23h00 oop. Alkohol en rook is verbode binne die snoekerkamer, daarom kan dames met vrymoedigheid 'n "potjie" gaan speel. Op die Puk is snoeker nie 'n kroegsport nie.




# KORTSPORT:

## ● Sokker

Die Puk se eerste sokkerspan het Saterdag, 28 Februarie, teen Strathvaal gespeel en 12 — 0 gewen. Die tweede span het hulle wedstryd 6—2 verloor. Strathvaal se twee spanne speel albei in die eerste liga.

Saterdag, 7 Maart, het die Puk op Weermag se velde teen Weermag gespeel. Die eerste span het hulle wedstryd 5—3 gewen en die tweede span wen 5—2. Die volgende wedstryd word Saterdag 14 Maart op Klerksdorp teen Milner gespeel.

## ● Koshuiskrieket

Villagers, Hombré en Caput het Saterdag, 7 Maart, almal regstreekse oorwinnings behaal. Villagers het 20 bonuspunte teen Amajuba behaal, Hombré 21 bonuspunte teen Overs gekry en Caput het ook 21 punte teen Dawie Dup behaal.

Die jongste puntestand in die koshuisliga na drie rondtes is as volg; Villagers 62, Hombré 54, Overs 44, Dawie Dup 29, Caput 28, Amajuba 16 en Klooster 8.

## ● Binnemuurse Hokkie

Die volgende binnemuurse hokkiewedstryde is op Vrydagaand, 6 Maart, afgehandel.

Caput wen Overs 6—4, Personeel wen Drakenstein 5—2, Villagers wen Hombré 6—5, Personeel B wen Amajuba 7—3, Klooster en Dawie Dup speel gelykop 2 elk. Die dames se wedstryde word verder op Dinsdagaand, 10 Maart gespeel.

## ● Muurbal

Die muurbalklub het weer goeie initiatief aan die dag gelê deur spesiale afrigting vir alle klublede te verkry.

Mev Helene Schlebush is Dinsdag 10 Maart van 16h00 tot 18h00 hier om alle muurbalspelers wat belangstel, af te rig.

Haar afrigtingsklasse is verdeel in twee groepe, naamlik vir ligaspelers en vir nie-ligaspelers. Die afrigting behels basiese tegnieke, baantegnieke, houe en noodsaaklike oefeninge.

Indien jy belangstel, gee jou naam in by die baanbesprekingstoonbank by die muurbalbane, waar verdere inligting ook bekom kan word. Aangesien hierdie afrigting gratis is, moet julle vinnig reageer, want daar is slegs vir 20 belangstellendes plek.

Afgesien van Dinsdae is daar ook Maandae van 16h00 tot 18h00 geleentheid vir liga-spelers om by mev Schlebush afrigting te ontvang. Dit is individuele afrigting en hierdie persone moet ook hulle name by die toonbank in die boek inskryf.

## ● Tafeltennis

Gedurende die tafeltenniswedstryde wat gehou is 2 tot 4 Maart, het die Puk hulle slag gewys. In die A-liga het A1 mansspan 7—3 teenoor 'n nie-blanke span van Klerksdorp gewen. Die A2 mansspan het teen dieselfde klub van Klerksdorp 9—1 gewen. Die B-liga vir dames is ook 6—4 deur hulle gewen. 'n Verdere liga sal later gespeel word.

## ● Skuba

By die uitstappie wat deur die Skubaklub vanaf 6 tot 8 Maart gereël is, het die manlike geslag weereens oorheers. Daar het agt mans gegaan, waarvan ses beginners en twee ervare duikers. Die uitstappie was by Wondergat naby Malopo-oog.

Elke duiker het drie duike gedoen, waarvan een tot ten minste 150 voet was. Een nuweling, Johan Hamman, het saam met Eugene Swanepoel 'n nagduik gedoen tot op 150 voet. Die volgende dag het Eugene Swanepoel in 'n grot afgesak tot op 'n diepte van 250 voet.



● *Alfons Meyer kolf hier vir die Puk se eerste krieketspan teen Vaal Reefs. Die Puk het die stryd om bonuspunte gewen, die Puk het 4,28 punte behaal en Vaal Reefs 3,49.*

# Krieket verras

**DIE Puk se eerste krieketspan het Saterdag, 7 Maart, in sy wedstryd teen Vaal Reefs — die voorlopers in die liga — die stryd om bonuspunte gewen.**

Nadat die Puk op die eerste Saterdag, 202 lopies vir 7 paaltjies verklaar aangeteken het, het Vaal Reefs geantwoord met 136 vir 8 in die 60 boulbeurte. Hier het die Pukke, George Moorcroft en Jos Coetzee, skitterend geboul en die kolwers het die hele middag vasgepen.

In hulle tweede beurt het die Pukke erg gesukkel en was binne tien minute in die moeilikheid op nege lopies vir twee paaltjies. Daarna het Paul van Heerden en Tinus Els vasgeskop en die Pukke kon verklaar op 66 vir 3 paaltjies.

Met uitskeityd het Vaal Reefs na 10 boulbeurte geantwoord met 13 lopies sonder die verlies van 'n paaltjie. Die bonusverdeling is as volg; Pukke het 4,28 en Vaal Reefs het 3,49.

# Tennis is beter vanjaar

**VOLGENS mnr Frik Vogel is die tennisstandaard vanjaar hoër as verledejaar en daar word hoë verwagtinge van die Pukspan gekoester.**

Ongelukkig het die eerstjaars-kampioenskappe misluk weens weerstoestande en is dit toe later afgestel. Die senior-kampioenskappe het Saterdag, 7 Maart in aanvang geneem en sal oor vier weke strek met die finale wat sal plaasvind op 28 Maart.

Daar sal na afloop van die kampioenskappe 'n ranglys opgestel word. Die eerste tien mans- en dame-spelers sal professionele afrigting ontvang van mnr Fanie Campher. Daar is egter nog nie voorsiening gemaak vir die afrigting van die ander spelers nie. Twee Puk-spelers, Suretha Scott en Bennie Oelewager sal wel aan die beginners die basiese grondslae van tennis onderrig — dit sal in die middae geskied.

Vir studente wat nie aan die Puk-kampioenskappe deelgeneem het nie, is dit nog nie neusie verby om die jaar vir die Puk te speel nie. Studente sal toegelaat word om spelers op die ranglys gedurende (Vervolg op p11)

# W-Tvl deur in SFW-reeks

**BY die SFW-reeks tussen die atletiekspanne van Vrystaat, Wes-Transvaal en Oos-Transvaal op Welkom, het die Vrystaat die kompetisie gewen. Wes-Transvaal was tweede en Oos-Transvaal derde.**

Daar is elf provinsiale spanne wat aan die reeks op 'n uitklopbasis deelneem. Die Vrystaat het 12 180 punte verdien en Wes-Transvaal 11 782. Met die punte verseker hulle dat beide spanne in die finaal sal deelneem wat 31 Maart in Potchefstroom sal plaasvind.

Elke span bestaan uit vyf mans en drie dames wat aan die uitdunne deelneem. In die Wes-Transvaalse span was twee Pukke in die mansspan ingesluit en al drie dames in die damespan was Pukke. Die span was: Herman Potgieter, Piet Goosen, A Mkatshwa, Gerald Gray en N Reinbach. Die damesspan het bestaan uit Leonie Smit, Isobel Campher en Susan Lion-Cachet. Vir die finale ronde sal agt mans en vyf dames gekies word.

Uitslae was:
400m hekkies vir dames; Leonie Smit, 59,9s. 1 500m vir dames; Sarina Cronje 4:17,5s. 800 m vir dames; Sarina Cronje, 2:06,3s. 800m vir mans; M J Vermeulen, 1:48,9s. 3 000m hindernis; Francois Annandale; 8min27,8 (OVS rek). 5 000m vir mans; Johan Muller, 14 min 48,2s. 1 500m vir mans; Francois Annandale, 3min 48,7s. Spiesgooi vir mans; Herman Potgieter; 71,82m. Spiesgooi vir dames; Susan Lion-Cachet, 46,36m. 100m vir mans; C Madzokere, 10,5s. 200m vir mans; C Madzokere, 21,1s. 110m hekkies vir mans; Dawie Kuun, 14,1s. 400m vir dames; Sandra Weyers, 54,5s. 100m hekkies vir dames; Isobel Campher, 13,9s. Gewigstoot vir mans; Piet Goosen, 15,8m. Skyfwerp vir mans; Piet Goosen, 60,22m. Verspring vir dames; Louise van Wyk, 6,05m.

# Skaak-stukke

**IN 'n onderhoud met mnr Fielies Kotze, het laasgenoemde gesê dat drastiese stappe gedoen word om skaak-stukke in die hande te kry. Dit sal blykbaar binne die volgende week beskikbaar wees.**

Vanaf volgende week sal die skaakwedstryde dus georganiseer word.

# Trapkar se nuwe baan open

**DIE groot dag op die Pu[k]**
**is 16 Mei! Dan sal di[e]**
**enigste trapkarbaan i[n]**
**Suid-Afrika, op di[e]**
**Fanie du Toit geope[n]**
**word. Die wedren sal in-**
**skrywings van dwarsoo[r]**
**Suid-Afrika lok. All[e]**
**spanne wat dus wi[l]**
**deelneem moet nou a[l]**
**begin oefen om goei[e]**
**prestasies op ons ei[e]**
**baan te lewer.**

**Die wedren sal va[n]**
**twaalf-uur tot ses-uu[r]**
**die aand gehou wor[d]**
**omdat dit voorberei-**
**dingsdiens is later di[e]**
**aand. Daar word verwa[g]**
**dat die televisie ook hie[r]**
**sal wees.**

# Snoeker weer oop

**DIE snoekerkamer in di[e]**
**Studentesentrum was ge-**
**durende karnaval geslui[t]**
**weens vandalisme wat i[n]**
**die verlede daar voorgekom**
**het. Die snoekerkamer was**
**gesluit van 18 tot 23 Feb-**
**ruarie, maar is nou wee[r]**
**oop.**

Mnr George Moorcroft s[ê]
snoekerballe is voorhee[n]
gesteel en stokke gebreek
daarom is besluit om die
kamer te sluit sodat dit nie
vanjaar weer sal gebeu[r]
nie.

Omdat niemand be-
halwe personeel en inge-
skrewe studente toegelaa[t]
word om van die snoeker-
geriewe gebruik te maak
nie, word hierdie toestand
toegeskryf aan lede va[n]
die Puk. Dit is veral di[e]
ongereelde spelers wa[t]
hulle hieraan skuldi[g]
maak.

Die snoekerkamer va[l]
nou onder die Studente-
sportraad, wat die verant-
woordelikheid van hierdi[e]
geriewe in die hande va[n]
die studente plaas. Aa[n]
die einde van Mei sal be-
sluit word of die student[e]
in staat is om voldoend[e]
kontrole uit te oefen. In-
dien nie, is die moont-
likheid groot dat die snoe-
kerkamer onder die koör-
dinerende komitee van di[e]
Studentesentrum sal va[l]
Baie strenger kontrole sa[l]
(Vervolg op p 11)

# Puk-netbal kry goeie talent

Met die senior— en eerstejaars-netbalkampioen-
skappe amper iets van die verlede, is dit duidelik dat di[e]
Puk-netbal vanjaar groot beloftes inhou.

Daar is nog geen spanne vir onder-20 gekies nie, maa[r]
die uitslae van die spanne sal Woensdag om vyfuur be-
skikbaar wees. Die eerste en tweede spanne is ook no[g]
nie finaal bekend nie, maar die volgende spelers sa[l]
moontlik vir Puk speel:
Elmarie Taljaart, Alvira Viljoen, Rina Greyling, Betti[e]
van Locheremberg, Marlena Spoelstra, Lynette Smith
Marika Oosthuizen, Beverley Sherrin, Soekie van de[r]
Merwe, Ella Prinsloo, Veronica Jankowitz, Anneli Pre-
torius, Marilize Liebenberg en Sharon Heyser.

Vanjaar se wedstryde sal van 'n heel ander aard wee[s]
aangesien daar elke Saterdag vanaf 21 Maart tusse[n]
twee-uur en vieruur 'n netbaldag gehou sal word. Dit sa[l]
mee-bring dat alle wedstryde plaaslik gespeel sal word
Al die Wes-Transvaal klubs sal elke Saterdag by di[e]
Puk-bane byeenkom vir ligawedstryde. Alle wedstryd[e]
sal ook vanjaar uurwedstryde wees.